

ALGEMENE INLIGTING

PROGRAM

Vir meer volledige programinligting, besoek www.kknk.co.za.

KAARTJIEVERKOPE

Hoe vroeër, hoe beter

Maak seker jy koop jou teater- en Kuierbuurt-kaartjies vroeg by Computicket, Shoprite en Checkers. Kaartjies wat vooraf gekoop word, is goedkoper as kaartjies wat tydens die KKNK by die deure of hekke gekoop word. Moenie laat slaap nie, maak gebruik van dié voorafbesparings.

Om te bespreek

Kaartjies is beskikbaar by Computicket, Shoprite, Checkers en House & Home. Besprekings kan aanlyn by www.computicket.com of by 0861 915 8000 gemaak word. Tydens die fees is die kaartjieskantoor in die area van die C.P. Nel-museum geleë, met twee mobiele kaartjieskantore – een in Baron van Reedestraat en een in Vredestraat. Oop vanaf 09:00 tot 17:00.

VERBLYF

Bespreek jou verblyf deur ons verblyfkantoor, waar ons besprekingsbeamptes gereed is om die beste sakpas-verblyf vir jou te vind. Verskillende opsies is beskikbaar van hotelverblyf tot kampstaanplek. Bespreek by verblyf@kunste.org.za of skakel 044 203 8600.

KLASSIFIKASIE

T Taal / Language | **G** Geweld / Violence
S Seks / Sex | **N** Naaktheid / Nudity
V Vooroordeel / Prejudice | **D** Diviniteit / Divinity
OB Ouerbegeleiding / Parental Guidance

KONTAK

KKNK, Die Neelsie, Jan van Riebeeckweg 217, Oudtshoorn | 044 203 8600 | info@kunste.org.za
www.kknk.co.za

VEREERDES

Tobie Cronjé

Kunste Onbeperk – Lewensbydrae tot die Kunste

Tobie Cronjé werk al vir meer as vyf dekades as akteur en regisseur in teater, rolprente en televisie. Cronjé vier vanjaar sy 70ste verjaarsdag. Hy het homself gevestig as een van die mees gevierde en geliefde komiese akteurs en is ook jaarliks te sien as die *Dame* in Janice Honeyman se pantomime. In teater het Cronjé in verskeie klugte en komedies gespeel, maar hy is ook geloof vir sy meer dramatiese rolle soos Lafras in *Die rebellie van Lafras Verwey*. Sy televisierolle het van hom 'n huishoudelike naam gemaak. Wie sou hom kon vergeet in *Die avonture van Joachim Verwey* en *Willem?* Van Cronjé se bekendste rolprente sluit in *Die sersant en die Tiger Moth*, *Babbelkous en bruidegom*, *Wat maak oom Kallie daar?*, *Kooitjie Emmer* en meer onlangs *Die rebellie van Lafras Verwey*. Kunste Onbeperk vereer vir Cronjé vir sy lewensbydrae tot die kunste – nie net vir die enorme bydrae wat hy deur sy werk gelewer het nie, maar ook as een van die bedryf se mees geliefde en gerespekteerde kunstenaars. Cronjé is vanjaar in die absurde tragi-klug *Die stoele* (bl. 2) te sien.

Hannes Coetzee

Kunste Onbeperk – Kruispunt

Hannes Coetzee is 'n ikoniese Suid-Afrikaanse kitaarspeler afkomstig van Herbertsdale in die Klein Karoo-streek. Hy het sy eiesoortige manier van kitaarspel ontwikkel in die veld, waar hy as aalwyntapper gewerk het. Coetzee se kitaarspelstyl word "optel en knyp" genoem, verwysend na die manier hoe die snare deur die vingers opgetel en geknyp word. Met sy unieke kitaarspel het hy bekendheid verwerf in David Kramer se *Karoo Kitaar Blues*. Hy het nasionaal en internasionaal groot aandag getrek met sy teelepel wat hy gebruik om sy rou Karoo-klanke te maak. Hy het sy eie tegnieke ontwikkel vir die skep van

sy klanke deur die teelepel in sy mond vas te byt, terwyl hy die begeleiding met die teelepel doen. Met dié tegniek word Coetzee as een van die mees ongewone kitaarspelers in die wêreld beskou. Hy skryf ook sy eie liedjies. Talle daarvan is al in advertensies gebruik. Buiten dat hy by plaaslike feeste optree, was hy al genooi na die Port Townsend Slide and Steel Experience in Washington, VSA. Ten spyte van baie pogings deur talle kon niemand nog die unieke lepel-in-die-mond-tegniek raakvat soos die oorspronklike Hannes Coetzee nie. Coetzee is te sien in *Lepeltjie vol snare* (bl. 8).

Collen Maswanganyi

Kunste Onbeperk – Nuwe Stem

Collen Maswanganyi volg in die voetspore van sy pa – ook 'n kunstenaar en die KKNK se feeskunstenaar in 2018, Johannes Maswanganyi. Hy werk met hout, en verf meeste van sy beeldhouwerk. Sy werk sluit soms lewensgroot beelde in en word gekenmerk deur 'n kombinasie van Afrika-tradisies, waarin hy grootgeword het, asook die moderne lewe waarin hy leef. Elke beeld vertel 'n storie en sekere van sy werk word deur politiek gemotiveer, terwyl ander beelde alledaagse sosiale gebeure uitbeeld. Hy het sy diploma in visuele kuns in 1999 verwerf en is sedertdien 'n voltydse beeldhouer. Hy woon en werk tans in Johannesburg en het verskeie suksesvolle uitstallings in Suid-Afrika en ander wêrelddele gehad. Sy werk is ook ingesluit in bekende korporatiewe en privaat kunsversamelings. Maswanganyi word vereer met die Kunste Onbeperk-prys vir 'n Nuwe Stem. Lees meer oor visuele kuns op bl. 10.

FEESKUNSTENAAR

Johannes Maswanganyi

Johannes Maswanganyi is in 1948 in Giyani, Limpopo, gebore. Hy het geen formele kunsopleiding gehad nie en het by sy pa geleer hoe om bruikbare ware soos lepels en borde te

kerf. Hy het later in sy loopbaan sy eie medisinale houers, lepels, borde en musiekinstrumente gekerf en verkoop. In die vroeë 1980's begin hy om groot beelde van politici en ander openbare figure uit hout te kerf. Met dié werke begin hy bekendheid verwerf en positiewe kommentaar van kritici uitgelook. Hoewel hy ook met die hout se natuurlike kleur werk, is hy veral bekend vir sy gebruik van helderleurige verf. Bybel-karakters en diere figureer ook in sy werk. Met stompe, takke en stokkies wat soms bygevoeg en geverf word, skep hy elemente van 'n landskap. Aan die een kant is sy werk 'n hulding, 'n verering – gelaai met simboliek (soos byvoorbeeld blyk uit sy beelde van Nelson Mandela), en aan die ander kant werk hy met satire, teken protes aan en lewer politieke kommentaar. Johannes het al internasionaal erkenning ontvang en uitgestal. Hy woon en werk steeds in Limpopo. Lees meer oor visuele kuns op bl. 10.

TONEEL

#OMGV SERIAAS?!

DEBUUT Sketskomedie

Met Esther von Waltsleben **Regie:** Marion Holm
Teks: Esther von Waltsleben **Vertaling, ontwerp, produksie- en verhoogbestuurder:** Jan-Hendrik Opperman **Vervaardiger:** Esther von Waltsleben
 Ná die sukses van die eerste *O, my goeie volk* keer Esther von Waltsleben terug met nommer twee (nee, geen toilethumor hier nie). Van die karakters maak soos die kat en kom weer, plus 'n paar nuwes soos Margarita de la Rey, baarmoeder van die Oeg-Oeg Kroeg. Man, sy is 'n vrou met stories. En vir die *fans:* Die popprinses en laaste hoop van haar promotor-ma Michellé, Caché, maak haar verskyning. Sy is 14-amper-15 en só oor dit.

Afrikaans • Geen o/14 T

R115 (R130 by die deur) | 60 min. | Die

Parlement

1 April 19:00; 2 April 10:00; 3 April 13:00; 4 April 16:00

BABELAGTIG**DEBUUT Komedie***'n NATi / Feesteforum-produksie*

Met De Klerk Oelofse, Jemma Kahn, Roberto Pombo, Klara van Wyk, Dean Balie, Thami Baba en David Viviers **Teks:** Geselskap **Regie:** Jenine Collocott **Ontwerp:** Wolf Britz **Klankontwerp:** Charl-Johan Lingenfelder **Verhoogbestuurder:** Lize van Rooyen **Tegniese verhoogbestuurder:** Ryno Keet **Produksiehuus:** Aapstert Produksies **Vervaardigers:** Kunste Onbeperk en Contagious Theatre

Babelagtig is 'n spontane, kontemporêre teaterspektakel soos wat jy nog nooit vantevore beleef nie. Dit slinger volwassenes terug na hul kinderdae en betower gehore, van babbelbek tot babbelkous tot babbelsug, om as't ware die verbeelding te ontsluit en met ope arms tegemoet te huppel. Is jy Babbelagtig, -e; -er, -ste? Kom deel in die sirkus en narspeel!

Babelagtig • Gesin**R85 (R100 by die deur) | 60 min. | Absa****Burgersentrum****29 Maart 09:00; 30 Maart 09:00; 31 Maart 09:00;****2 April 09:00; 3 April 09:00; 4 April 09:00****DIE BESTE VAN DCAS****Drama**

Die produksies van die finaliste van die Eden-dramafees word deur die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport, in samewerking met die KKNK, aangebied. Jeug van regoor die Eden-distrik ding mee om die titel van die beste produksie. Met die hulp van die Baxterteater se Zabalazafees-span, word hierdie jong mense in alle aspekte van teater opgelei – van die skryf van 'n teks tot die opvoer van 'n produksie. Fasiliteerders soos Thami Mbongo, Bongile Mantsai en Abduraghaan Adams deel hul vaardighede en tyd om die talent van die opkomende deelnemers te ontwikkel. Ná afloop van verskeie werksessies en voorleggings word die beste produksies aangewys om by die KKNK ten toon gestel te word.

Afrikaans en Engels • Gesin**Gratis | 360 min. | Schoemanspoort****31 Maart 12:00****DIE BABA MET DIE BADWATER****Komedie***'n US Woordfees-produksie***Met o.a.** Lindi Stander en Kaz McFadden **Regie:**Henry Mylne **Teks:** Christopher Durang**Oorspronklike titel:** The Baby with the Bathwater**Vervaardiger:** US Woordfees

Weet voornemende ouers werklik wat om te verwag as hulle verwag? Of het jy 'n kroos, en is jy soms bekommerd dat jy 'n slegte ouer is? Dan is dié absurde komedie net die opvoering om jou vertrou in jou eie vermoëns te herstel. 'n Paartjie kom tuis met hul pasgebore baba, onseker wat die kind se geslag is. Die onbevoegde, maar liefdevolle ouers besluit (verkeerdelik) dis 'n dogtertjie en noem haar Daisy. Daarna kan dit nie slegter of snaakser gaan nie. 'n Klassieke komedie wat die toets van die tyd deurstaan het.

Afrikaans • Gesin**R135 (R150 by die deur) | 105 min. | kykNET****Hoërskoolsaal****1 April 09:30; 2 April 18:00; 3 April 09:30; 4****April 14:00****DIE DANS VAN DIE WATERMEID****Drama**

'n Ko-produksie tussen NATi en die Baxter-teatersentrumsentrum. Ondersteun deur die US Woordfees en Kunste Onbeperk

Met Rehane Abrahams, Gretchen Ramsden,

Ephraim Gordon, Elton Landrew, Abduraghaan

Adams en Celeste Mathews-Wannenbürg **Regie:**Jason Jacobs **Regisseursmentor:** Lara Foot**Teks:** Ameer Lekas **Teksmentor:** Saartjie Botha**Musiek:** Pierre-Henri Wicomb **Ontwerp:** Birrie leRoux **Beligtingsontwerp, produksie- en****verhoogbestuurder:** Michael Garbett**Vervaardiger:** NATi / Baxterteatersentrum

Die dans van die watermeid speel af in die klein dorpie Willowmore in die Groot-Karoo. Die mense van Willowmore is gelowig en nog meer bygelowig – ook oor die mite van die watermeid wat

verlossing bring. Ná jare is Kim weer terug op Willowmore vir haar Ouma Mildred se begrafnis. Haar terugkoms en die dood van haar ouma bring ou herinneringe terug. In *Die dans van die watermeid* is die oproep van spoke so te sê 'n werklikheid. Die karakters bevraagteken en ondersoek hul lewens en menswees deur vergelykende parallele met die watermeid se misvormde wese: halfmens-halfvis. In Evie se woorde: “Hoor vir Ant Mil. Is tog die watermeid wat ons moet red.” Gratis gesprek met die geselskap ná die vertoning op 2 April om 15:45.

Afrikaans • Geen o/10 G**R105 (R120 by die deur) | 75 min. | Gimsaal****1 April 09:00; 2 April 14:30; 3 April 19:30; 4****April 09:00****DIE STOELE****DEBUUT Tragi-klug**

'n Kunste Onbeperk-produksie. Ondersteun deur NATi, die LW Hiemstra Trust en die Aardklop Nasionale Kunstefees.

Met Tobie Cronjé, Antoinette Kellermann en SamiMaseko **Regie, ontwerp en vertaling:** MarthinusBasson **Teks:** Eugène Ionesco**Produksiebestuurder en beligtingsontwerp:**Chris Pienaar **Vervaardiger:** Kunste Onbeperk

Twee oumense, opgewonde, in afwagting op hul groot aand wanneer die ou man sy lewensfilosofie, waaraan hy 93 jaar reeds poets, op genooies gaan loslaat. 'n Toestroming van gaste uit alle lae van die samelewing, insluitend die president, maak hul opwagting by die vuurtoringhuis op 'n afgesonderde eiland. Om almal te akkommodeer, verg stoele en nogmaals stoele. Maar die gaste is onsigbaar. En die ouman kan nie self sy boodskap oordra nie. En hy het iemand gekry om namens hom te praat. Dié produksie huldig Tobie Cronjé, wat vanjaar die Kunste Onbeperk-prys vir Lewensbydrae tot die Kunste ontvang. *Gratis gesprek met die geselskap ná die vertoning op 30 Maart om 16:30.*

Afrikaans • Geen o/10 OB**R135 (R150 by die deur) | 90 min. | SANW-****auditorium****29 Maart 14:00; 30 Maart 15:00; 31 Maart 15:30;****1 April 20:00; 2 April 11:00; 3 April 11:30****DOWWE WICUS EN DOLLA VAN DER MERWE****Komedie**

Met Margit Meyer-Rödenbeck en Wicus van der Merwe **Regie en teks:** Margit Meyer-Rödenbeck, Wicus van der Merwe en Jurgen Human

Vervaardiger Arena Produksiehuus

Weg met die dwepers, die boepens-knolle, die *moaners* en die *groaners*. Weg met die poeierholle, die hoitie-toitie-skeelootgantes, die Martie Martelgatte en die Jannie Jammerballe. Weg met die oorgenuanseerde suutjiespoep-polities-korrekties met hul brabbeltaal-diepsinnighede. Is jy moeg vir jou man se lang gesig wat lyk soos 'n bok wat afdraand kyk? Lyk jou vrou al meer soos haar paspoortfoto? Dan is dit tyd om vir hulle 'n kaartjie na hierdie showtjie te koop. Wees gewaarsku: Jy moet lag dat die trane rol, anders spuit ons jou met Doom.

Afrikaans • Gesin**R140 (R155 by die deur) | 70 min. | kykNET****Hoërskoolsaal****29 Maart 14:00; 30 Maart 18:00; 31 Maart 09:30;****1 April 14:00****FOTOSTAATMASJEN****Drama***'n NATi / Feesteforum-produksie*

Met Anna-Mart van der Merwe, Schalk Bezuidenhout, Emma Kotze, Len-Barry Simons, Kathleen Stephens en Bibi Slippers **Regie:** Wessel

Pretorius **Teks:** Bibi Slippers **Verhoogbestuurder:**Kanya Viljoen **Vervaardigers:** US Woordfees en

Wessel Pretorius

'n Kopie van die werklikheid, of die lewe self?

Fotostaatmasjien, Bibi Slippers se veelbekroonde digbundel, is 'n postmoderne kragtoer waar die persoonlike, professionele en openbare personas van die skrywer ontmoet. Daar's flitse van bewussyn, deurweek met popmusiek, katte, voëls van verskillende vere en die eksistensiële hartstog rondom fotostate. Maar bowenal sal jy hier, met

behulp van musiek en visuele kuns, vier Bibi's vind – en een afskrif van 'n man.

Afrikaans • Gesin

R140 (R155 by die deur) | 80 min. | Gimsaal
31 Maart 09:00; 1 April 20:00; 2 April 10:00; 3 April 14:30; 4 April 13:30

GIF/POISON/ITYHEFU

Drama

'n Vrystaat Kunstefees-produksie. Ondersteun deur Kunste Onbeperk en US Woordfees. Moontlik gemaak deur NATi en die Koninklike Nederlandse Ambassade, Pretoria.

Met Mbulelo Grootboom, Tinarie van Wyk Loots en

Mahlodi Kenny Rakotsoane **Regie:** Erwin Maas

Teks: Lot Vekemans **Vertaling:** Willem Anker

Ontwerp: Guy de Lancey en Michael Garbett

Produksiebestuurder: Adriaan Meyer

Verhoogbestuurder: Michelle Hetzel

"'n Man en vrou wat 'n kind verloor het, toe hulself en uiteindelik mekaar." Ná baie jare van skeiding ontmoet 'n man en vrou weer by hul kind se graf.

Hy het aanbeweeg en kyk vorentoe. Sy bly vasgevang in die verlede. Sal uitdagings na

verdere hartseer lei? Of kan hoop uit pyn ontstaan? Terwyl hulle die laaste oomblikke saam

met hul geliefde onthou, neem die man en vrou hul eerste tree na versoening. "Hartroerend ... toeganklik ... briljant." – Nico Luwes.

Afrikaans, Engels en Xhosa • Gesin
R135 (R150 by die deur) | 90 min. | Gimsaal
29 Maart 18:00; 30 Maart 10:00; 31 Maart 13:00; 1 April 12:30

Afrikaans, Engels en Xhosa • Gesin

R135 (R150 by die deur) | 90 min. | Gimsaal

29 Maart 18:00; 30 Maart 10:00; 31 Maart 13:00; 1 April 12:30

HALF-LEEG

Drama

Met Cintaine Schutte **Regie en teks:** Tara Notcutt
Vertaling: Amy Jephtha **Vervaardiger:** The Pink Couch

Dis twee-uur. Die kroegman het laaste rondes geroep. Die romantikus sit in 'n donker hoek, roer haar whiskey met 'n strooitjie, hou die deur fyn dop. Sy's maar net 'n meisie wat in 'n kroeg sit en wag ... Wag vir iets wat, besef sy, dalk nie gaan kom nie ... Terwyl sy wag, dink sy aan die aand,

die aand wat haar tot op hierdie punt gelei het: Die verskriklike *bachelorette*, die ander vrou, en die besef dat die man van haar drome dalk nie alles is wat hy sê hy is nie. *Half-leeg* besin oor liefde, whiskey en goeie musiek – dit is 'n skerp kyk na mans, vroue en eensaamheid.

Afrikaans • Geen o/16 T

R125 (R140 by die deur) | 55 min. | Griesselsaal
31 Maart 09:30; 1 April 16:30; 2 April 20:00; 3 April 10:00

HIERDIE LEWE

Drama

'n US Woordfees-produksie

Met Antoinette Kellermann **Regie en scenografie:**

Wolf Britz **Teks:** Verwerking deur Saartjie Botha

na die roman met die gelyknamige titel deur Karel

Schoeman **Verhoogbestuurder:** Danielle Louw

Klankbaan: Braam du Toit

Die nabetraging van 'n onvervulde lewe: 'n Ou vrou sterf in 'n eidelose nag. Hoe is dit moontlik om soveel herinneringe te hê, soveel om te onthou? Al wat jy kan doen, is om te wag, die donkerte in te beur. Dié produksie bring gepas hulde aan 'n groot skrywer.

Afrikaans • Gesin

R145 (R160 by die deur) | 60 min. | Laerskool
Van Reede
30 Maart 11:00; 1 April 13:00; 2 April 15:30; 3 April 09:00

INNIE SELLE

Drama

Moontlik gemaak deur die ATKV

Met Edja de Meyer, Jay-D Sanderson, Zinedine Manus, Zane Sauls, Peter-John Festus,

Alessandro Dirk, J.P. Matthee, Hano Groenewald

en Danté Barnard **Regie:** Pieter Nel en Frans

Hamman **Teks:** Pieter Nel **Beligtingsoperateur:**

Corleze de Bod **Klankoperateur:** Handré Petzer

Verhoogbestuurder: Corleze de Bod

Vervaardiger: Hoërskool Tygerberg vir ATKV-

Tienertoneel

Innie selle is die wenstuk van die ATKV-

Tienertoneelkompetisie (2017). Hoe beland mens

innie tronk? Miskien help jy 'n antie wat gerob word, maar sy kla jôu van diefstal aan. Miskien slat 'n kind sy stiefpa dat hy in drie stukke deur die huis lê. Miskien steek jy iemand met 'n skerp gemaakte canfruit-blik dat die bloed soos 'n fountain by sy nek uitspuit. Miskien word jy gevang terwyl jy gesonde appels steel. Of miskien verkrag jy 'n familielid om gangster-"sterretjies" te verdien. Dalk het jy jou pasgebore baba in 'n swart drom by Pick n Pay se ingang weggegooi ... En as jy kan mooi plies eksplein, word jy dalk vrygelaat. Gratis gesprek met die geselskap ná die vertoning op 3 April om 15:00.

Afrikaans • Geen o/14 OB

R95 (R110 by die deur) | 45 min. | Griesselsaal
2 April 12:00; 3 April 14:00; 4 April 10:00

KINNES

Drama

Ondersteun deur die Distell Stigting

Met Lee-Ann van Rooi, Dean John Smith, Dustin Beck, Lindsey Abrahams en Shannon Williams

Regie: Hennie van Greunen **Teks:** Chase Rhys

Musiek: Pedro Kruger **Ontwerp:** Birrie le Roux

Vervaardiger: Wordsmith's Theatre Factory

Anwaar kry 'n taste van fame wanneer hy 'n gangster in 'n fliek speel, maar hoeveel daarvan is acting? En wat maak 'n mens as die fame opdroog? Nicole vaar goed op skool en wil 'n sukses van haar lewe maak, maar eerste liefde is 'n harde leermeester. Derick wil poetry skryf, want woorde maak sy kop stil, maar woorde betaal nie die bills nie. Mary kyk uit vir haar kind, hy's immers al wat sy het. En wanneer hy 'n flatscreen koop en Vibracrete-mure om die huis laat sit, vra sy nie waar die geld vandaan kom nie. Rolanda wil 'n Cape Kardashian wees, haar flat iron in haar sak. Maar die Cape Flats is hard op kinnes se drome en real life beteken jy moet doen wat jy kan om te survive. Dié teks deur Chase Rhys was die wenner van die eerste Adam en Rosalie Small-prys vir debuutskrywers.

Kaaps • Geen o/16 G T

R130 (R145 by die deur) | 90 min. | Griesselsaal

29 Maart 11:00; 30 Maart 14:00; 31 Maart 13:00; 1 April 13:00

MANNE

Komedie

'n Aardklop-produksie

Met Chris Vorster, Hennie Jacobs, Hannes

Brümmer, Theodore Jantjies, Francois Lensley en

Deon Coetzee **Regie:** Chris Vorster **Teks:** Chris

Vorster **Klankontwerp:** Riaan Rademan

Beligtingsontwerp: Christiaan Ballot

Oudiovisuele vervaardiging: Erina Niemand

Vervaardiger: GZ Produksies

'n Spul vriende herenig vir 'n jagnaweek. Met geraamtes in die kas en wraak op die brein stap vyf manne die boendes binne ... slegs vier keer terug. Nou word die koring van die kaf geskei ... die manne van die muise ... die jagters van die prooi. "Ja manne, alles is snaaks tot iemand seerkry ... dan is dit nie meer snaaks nie ... dan is dit skreeusnaaks."

Afrikaans • Geen o/14 T

R135 (R150 by die deur) | 65 min. | kykNET
Hoërskoolsaal
30 Maart 09:30; 31 Maart 18:00; 1 April 18:00; 2 April 14:00

MELK & VLEIS

Drama

'n Aardklop-produksie in samewerking met, Kunste Onbeperk en die US Woordfees. Moontlik gemaak deur KunsStig

Met Illise Roos, Neels van Jaarsveld, Nomkhita

Bavuma en Sesethu Zamxaka **Regie en ontwerp:**

Marthinus Basson **Teks:** Marina Albertyn

Klankontwerp en assistentverhoogbestuurder:

Rynhardt van Blerk **Verhoogbestuurder:** Danielle

Louw **Vervaardiger:** Chris Pienaar – Raminidam

Dis 1996. 'n Onafhanklike vrou los haar werk as

aktuaris in die stad nadat sy verlief raak op 'n

sjarmante jong boer. Sy probeer haar bes om in te

pas by die kleindorpse gemeenskap en wend al

haar vernuf aan om die boer se familieplaas in die

Oos-Kaap van gewisse ondergang te red. Maar

waar is sy erfgenaam? Dan begin dinge uitrafel ...

Onder die meesterlike regie-hand van Marthinus Basson kry die verrassende nuwe dramastem van Marina Albertyn lewe.

Afrikaans • Geen o/14 T

R135 (R150 by die deur) | 85 min. | SANW-ouditorium

31 Maart 11:00; 1 April 15:00; 2 April 20:00; 3 April 15:30; 4 April 12:00

MET ANDER WOORDE

DEBUUT Tragi-komedie

Met Lizz Meiring **Regie:** Lizz Meiring **Stelontwerp:** Fanus van Deventer **Verhoogbestuurder:** Yvette Hanekom **Vervaardiger:** Artist Warehouse cc *Met ander woorde* is 'n versameling sketse, stories en vertellings uit die pen van die aweregse, eiesoortige Lizz Meiring. Want die aktrise is verlief op woorde. Sy vertel ook grepe uit haar eie lewe en loopbaan – van die lastige ongemaklikhede van kunstenaar wees en die triomfantelike ontsnapping wat kreatiwiteit bied. *Met ander woorde* is slimsnaaks, energiek, warmhartig, vermaaklik, verbeeldingryk en oorspronklik.

Afrikaans • Geen o/14

R125 (R140 by die deur) | 70 min. | Laerskool Van Reede

29 Maart 16:30; 30 Maart 19:00; 31 Maart 09:30; 1 April 16:30

MIKE & MAVIS

Komedie

Met Elize Cawood en Wilson Dunster **Regie:** Gerrit Schoonhoven **Teks:** Wessel Pretorius **Vervaardigers:** Elize Cawood en Wilson Dunster Mavis Kellerman, 'n weduwee wat haarself afgesluit het van die wêreld – behalwe vir haar kommunikasie per e-pos met haar dogter en haar weeklikse kerkdiens – ontvang eendag 'n uitnodiging in die pos vir die opening van 'n nuwe bioskoop wat klassieke rolprente vertoon. Die eienaar, Mike Lewis, is 'n eksentrieke oujongkêrel met 'n ewige romantiese siel. Mavis besef gou dat Mike daarop uit is om haar hart te wen en bevind haarself aan die ontvangkant van 'n vryery in haar herfsjare wat afspeel oor 'n reeks romantiese

afsprake. Wat sy egter nie weet nie, is dat sy en Mike 'n geskiedenis deel wat lank voor die uitnodiging begin het ... 'n Romantiese komedie wat jou 'n knop in die keel sal gee.

Afrikaans en Engels • Gesin

R135 (R150 by die deur) | 60 min. | Laerskool Van Reede

29 Maart 11:00; 30 Maart 15:00; 31 Maart 13:00; 1 April 20:00

MOORD IN IXIASTRAAT – 'N BAL-OOG-EN-BROMMEL-AVONTUUR

Drama

Met Richard September en De Klerk Oelofse **Regie:** Gideon Lombard **Teks:** Sjaka S. Septembir **Ontwerp:** Isabelle Grobler **Musiek:** Gertjie Besselsen **Fisiese teater (oorsigtelik):** Sjaka S. Septembir **Kostuums:** Lindi Smit **Vervaardiger:** YOW

Wie het Kobus vermoor? Wat sit agter die moord? Bal-oog en Brommel stel ondersoek in. Boltjie – Bal-Oog se hond – kry snuf in die neus en meteens bevind hul hulself in 'n skreeusnaakse en opwindende avontuur. So raak hulle verstrengel in die skaduwêreld van Milnerton se skurke. Om sake verder te kompliseer, is Bal-Oog dolverlief op Anja – die vermoorde Kobus se meisie. En dan is daar die geheimsinnige bak. Hou dit verband met Kobus se moord? Dit alles terwyl Bal-Oog en Brommel net wil vakansie hou en musiek maak.

Moord in Ixiastraat is Bal-Oog en Brommel se eerste speuravontuur.

Afrikaans • Gesin

R125 (R140 by die deur) | 60 min. | Griesselsaal

29 Maart 16:00; 30 Maart 18:30; 31 Maart 20:00

MY VROU SE MAN SE MANNETJIE

DEBUUT Klug

Met Edrien Erasmus, Cobus Venter, Francois van Rensburg, Marissa Claasen en Phillru van Achterbergh **Regie:** Frans Swart **Beligting:** Hugo Hewitt **Verhoogbestuurder:** Gustav van Rooyen **Bemarking en logistiek:** Charl Senekal

Vervaardiger: Lefra Kommunikasie en Bemarking

Klank: Shaun van Eck

George en Linda Harper se 17-jarige huwelik het vir Linda roetine geword, maar dit lyk nie of Geroge daarvan bewus is nie. Wanneer sy hom met die probleem konfronteer, kry hy 'n vasektomie, wat natuurlik niks oplos nie, en besluit hy om die huis te verlaat. Linda besluit om beheer oor haar lewe te neem deur vir selfverbeteringskursusse in te skryf. Die twee besluit om op 'n vriendelike voet uitmekaar te gaan en besluit om een prokureur aan te stel vir die egskeding – hul beste vriend. Wanneer dit nie so mooi uitwerk nie, probeer George versoen deur vir Linda op die sitkamerbank te verlei. George se plannetjie werk nie so lekker nie as gevolg van die druk om Linda te beïndruk ...

Afrikaans • Geen o/13 OB

R155 (R170 by die deur) | 120 min. | SANW-ouditorium

29 Maart 19:00; 30 Maart 10:00; 31 Maart 20:00; 1 April 10:00; 2 April 15:00; 3 April 20:00; 4 April 17:00

NÊRENS, NOORD-KAAP

Drama

'n US Woordfees-produksie

Met Albert Pretorius, De Klerk Oelofse en Geon Nel **Regie:** Nico Scheepers **Teks:** Nico Scheepers **Verhoogbestuurder:** Liesel Harris-Kruger

Vervaardiger: Naskrif Produksies

Frans, Andries en Ronald het mekaar jare laas gesien. Nou moet die broers terugkeer na hul geboorteplaas, Nêrens, vir 'n verjaarsdagbraai vir hul pa wat 60 word. Hierdie skreeusnaakse en hartroerende nuwe werk volg in die voetspore van die uiters suksesvolle komedie *Amper, Vrystaat*.

Afrikaans • Geen o/13 T

R130 (R145 by die deur) | 70 min. | Laerskool Van Reede

1 April 09:30; 2 April 19:00; 3 April 16:00; 4 April 12:00

NOG MEER IR(RAS)SIONEEL

Met Des-Lee McKenzie **Teks, regie en vervaardiger:** Des-Lee McKenzie **Musiek:**

Stephan Bezuidenhout **Stel en ontwerp:** Ian van der Westhuizen
Dis die jaar 2018. Die 1994-illusie is lankal verby. Die stank van ongelykheid, identiteitspolitiek en Staatskaping volg ons soos 'n oop riool, maar dit is nou tyd om die goue handskoene af te haal en die heilige koeie te melk. *Nog meer Ir(ras)sioneel* is die opvolg van *Ir(ras)sioneel* wat in 2017 vir die Kanna vir beste Uitkampteater-produksie genomineer is.

Afrikaans en Engels • Geen o/16 T V D

R105 (R120 by die deur) | 70 min. | Die Parlement

3 April 19:00; 4 April 10:00

ONS IS ALMAL FREAKS HIER

Drama

'n Ko-produksie tussen Kunste Onbeperk en die US Woordfees

Met Lee-Ann van Rooi, Albert Pretorius en Kay Smith **Regie:** Nicole Holm **Teks:** Ingrid Winterbach **Verhoogbestuurder:** Daniëlle Louw

In 1810 vertrek 'n vrou van die suidpunt van Afrika onder (waarskynlik) valse voorwendsels per skip na Londen. Sy word later 'n "tentoonstelling" in Parys en sterf in 1815 in ellende. Haar liggaam word tot 1974 in 'n museum in Frankryk uitgestal. In 2002 word haar oorskot na Suid-Afrika teruggebring en in haar oorspronklike geboortestreek op Hankey ter ruste gelê. Beleef 'n treffende, teatrale, begeleide toer, wat die kyker dwing om vars na 'n bekende gegewe te kyk.

Afrikaans • Gesin

R125 (R140 by die deur) | 60 min. | Prince Vintcent-gebou

29 Maart 18:00; 30 Maart 18:00; 31 Maart 18:00; 31 Maart 20:00; 1 April 18:00; 1 April 20:00; 2 April 09:00; 3 April 20:00; 4 April 09:00

OPERASIE HOLM**DEBUUT Komedie**

Met Marion Holm **Regie:** Chris Vorster **Teks:** Marion Holm en Chris Vorster **Vervaardiger:** Handyminds

Marion Holm en Chris Vorster het nog 'n jaar oorleef en deel dankbaar en heel plesierig die lesse, lawwighede en lollye wat die jaar meebring het. Holm kan steeds nie bekostig om twee of meer akteurs te gebruik nie, so sy speel weer eens al die rolle self. En in die verbygaan verwys sy ook na ander rolle ... As jy graag iets ontstellend ernstig wil sien, is hierdie nie die vertoning vir jou nie. As jy egter wil glimlag en net 'n klein bietjie dink – kom kyk gerus!

Afrikaans • Gesin

R125 (R140 by die deur) | 70 min. | kykNET

Hoërskoolsaal

29 Maart 18:00; 30 Maart 14:00; 31 Maart 14:00

OP MY EISH!**Komedie**

Met Neels van Jaarsveld **Teks en regie:** Neels van Jaarsveld **Musiek:** Ryno Velvet **Multimedia:** Gillian Coetzee **Klank- en beligtingassistent:** Jeanne van Jaarsveld **Vervaardiger:** Caesarosy Produksies

Al ooit gewonder hoe dit moet voel om oornag volksbesit te word? Om in 'n oogwink te gaan van 'n klein paddavisvangende Kuilsrivier-seuntjie tot 'n huishoudelike naam? Neels van Jaarsveld word tans as een van Suid-Afrika se veelsydigste akteurs beskou. Innoverend. Inspirerend.

Fassinerend. Wille tye. Warreltye. Hou verbye. Introspeksie. Min direksie. Baie direksie. Narkolepsie. Mylpale. Vol sale. Bondig. Boeiend. Bindend. As akteur in *Jagveld*, *Vir die voëls*, *Die rebellie van Lafras Verwey*, *'n Man soos my pa*, *Knysna*, *Bloedbroers*, *Fluiters*, *Getroud met rugby*, *Binnelanders*, *Boks*, *Die goue seun* en *Innierof* bied Van Jaarsveld aan jou 'n *backstage pass* na die beste en snaaksste stories van sy lewe, die vermaaklikheidsbedryf en sy kinderdae. Dinamiet kom immers in klein pakkies. 'n Outobiografiese tuimeltrein, gebaseer op 'n ware

verhaal. Om die waarheid te sê, dis heel moontlik alles die waarheid. Ondersteun deur Buffelsfontein Baard-olie en Jimmy's Sauces.

Afrikaans • Gesin

R125 (R140 by die deur) | 55 min. | kykNET

Hoërskoolsaal

3 April 18:00; 4 April 18:00

SÊ MY NAAM SOOS 'N STARBUCKS-KNAAP**Komedie**

Met Je-ani Swiegelaar **Regie:** Gerrit Schoonhoven **Teks:** Wessel Pretorius **Verhoogbestuurder:** E-andri Swiegelaar **Vervaardiger:** Ons Bou 'n Huisie By Die See Produksies

Annetjie "Vleis" de Vries sit op die lughawe en wag vir haar vlug na Amsterdam. Sy het nou genoeg gehad van haar lewe as die oudste van 13 kinders – wie sy alleen moet oppas, aangesien haar suiplap-pa net mooi boggerol omgee. Met haar troetelmarmot aan haar sy, wil sy 'n nuwe blaadjie omslaan in Europa en haarself bietjie begin eerste plaas. Laat Annetjie jou meer vertel oor haar beste vriend, Sarel Sarel Meintjies, haar rampspoedige matriekafskeid en die Starbucks-kelner wat haar hart omgedop het. 'n Solovertoning met hart, murg en *artisan*-koffie.

Afrikaans • Geen o/14 T

R105 (R120 by die deur) | 60 min. | kykNET

Hoërskoolsaal

2 April 09:30; 3 April 14:00; 4 April 09:30

STATE FRACTURE**Comedy**

With Daniel Mpilo Richards **Directing:** Rob van Vuuren **Script:** Mike van Graan **Stage Manager:** Stephanie Papini

From the creative team that brought you *Pay Back the Curry* (Naledi Theatre Awards Best Script nominee, 2016), comes the satirical, multi-sketch sequel, *State Fracture* (Standard Bank Ovation Award winner, National Arts Festival). With a country that keeps giving, be prepared to laugh, to think and to be blown away by the multi-award-winning performance of Daniel Mpilo Richards. "A hard-hitting and incredibly well-performed satirical

comedy, sparing no-one from Zupta to Zille.

There's so much talent here – superb acting and a phenomenal script make it fully deserving of its standing ovation." – *Cue*, National Arts Festival, 2017

English • No u/14 L

R115 (R130 at the door) | 65 min | Die

Parlement

2 April 19:00; 3 April 10:00

SWERFGOED**DEBUUT Tragi-komedie**

'n Ko-produksie tussen NATi, die Baxter-teatersentrum, Kunste Onbeperk en die US Woordfees

Met Anna-Mart van der Merwe, Nicole Holm, Richard September en Andrew Laubscher **Regie:** Tinarie van Wyk Loots **Teks:** Bauke Snyman

Ontwerp: Jemma Kahn **Produksie- en**

verhoogbestuurder: Michael Garbett

Vervaardiger: Kunste Onbeperk

lewers in die nabye toekoms. Water is die duurste hulpbron en daar sal selfs moord gepleeg word om dit te bekom. By Motel Stillewater – iewers op 'n godverlate vlakke – is daar 'n oerskat opgesluit. Dit is 'n vreemde (en snaakse) spulletjie wat hier woon. En niemand gaan met hulle mors nie: stille water, diepe grond ... 'n Distopiese blik op erfenis en opoffering van Griekse omvang, maar in die tragiese skuil daar dikwels ook die komiese. Gratis gesprek met geselskap ná die vertoning van 29 Maart om 11:45.

Afrikaans • Geen o/16 G S V D T

R135 (R150 by die deur) | 90 min. | Gimsaal

29 Maart 10:00; 30 Maart 15:00; 31 Maart 17:00;

1 April 16:00; 2 April 20:00; 3 April 10:00

VALENCIA – 'N KABARETT**Kabaret**

Met Faith Kinniar en Pieter Odendaal **Regie:** Faith Kinniar **Teks:** Faith Kinniar **Musiek:** Faith Kinniar en Pieter Odendaal **Vervaardiger:** Faith Kinniar *Valencia* is 'n kort kabaret wat fokus op die gedagtes van 'n bevooroordeelde konstabel wat 'n sterk afkeer van buitelanders en ander vroue het.

As die Donald Trump van bruin vrouekonstabels, is sy onbeskaamd in haar veldtog om "Klein Somalië (Bellville) weer goed te maak". In haar pogings om van alle ongewenste elemente in haar omgewing ontslae te raak, wil sy ook haar suster, die ontkleedanser en voormalige prostituut, uit haar ma se huis verwyder.

Afrikaans en Engels • Geen o/16 T

R105 (R120 by die deur) | 50 min. | Die

Parlement

29 Maart 10:00; 30 Maart 10:00; 31 Maart 13:00; 1 April 13:00

WEERKAATS**Drama**

Met Milan Murray **Regie:** Phillip Rademeyer **Teks:** Retief Scholtz **Verhoogbestuurder:** Lize van Rooyen **Vervaardiger:** Milan Murray

Weerkaats is 'n solostuk wat handel oor spyt en die gevolge van keuses. Vyf vroue beleef, onafhanklik van mekaar, 'n oomblik van nabetragting en oordenking. Een gee haar aan drank oor en 'n ander oorweeg om van 'n brug af te spring. Elkeen worstel op haar manier met die gevolg van 'n keuse. "Ek is hier, op die brug in Kaapstad wat sommer net so stop. Êrens het iemand 'n fout gemaak. Iewers is iets verkeerd beplan. Daar was tog seker 'n doel, 'n gelukkige einde, wat halfpad onduidelik geraak het ... nes die brug."

Afrikaans • Geen o/10 T

R125 (R140 by die deur) | 60 min. | Griesselsaal

1 April 10:00; 2 April 16:00; 3 April 18:00; 4

April 14:00

WEIFEL OOR JOU TWYFEL! (WHEN IN DOUBT SAY DARLING)**DEBUUT Komedie**

Met Pieter-Dirk Uys **Regie en teks:** Pieter-Dirk Uys **Vervaardiger:** Evita se Perron

Ná 40 jaar is PDU besig om die solder uit te sorteer: so baie kostuums, pruike, en dinge. Nuwe karakters kom na vore en skeer die gek met ons mallighede. 'n Nuwe vlymskerp blik op 'n 24-jarige demokrasie.

Afrikaans en Engels • Geen o/10
R135 (R150 by die deur) | 70 min. | Absa
Burgersentrum
29 Maart 18:00; 30 Maart 18:00

WIE'S JOU PAPPAPPA?

Komedie

Met Hannes Brümmer **Regie:** Neels Clasen
Vervaardiger: GZ Produksies
 Met die getrippel van klein voetjies kom reuseskoene om te vul. In sy tweede volwaardige skerpskertsvertoning ondersoek die komediant en akteur Hannes Brümmer die impak van ouerskap op 'n voormalige *punk* in plakkies, wat nou 'n tuisbly-pappa in pantoffels is. Met 'n siniese blik en sy tong ferm in die kies, word daar nie doekies omgedraai oor die vrese, vreugdes en verantwoordelikhede van pa-wees nie. Die aanvang van 'n nuwe lewe bring 'n magdom onbekende reuke en klankies, maar uiteindelik 'n liefde soos geen ander nie. Die hele proses van die bytjies en die blommetjies, die las van slaapontneming en kompetisie met ander ouers tot en met die eerste tekens van emosionele manipulatie word aangepak met Brümmer se kenmerkende energieke, fisieke, blitsige lewering van skaterlagstaaltjies, waarnemings en mites rondom ouerskap. 'n Treffer by Aardklop in 2017.
Afrikaans • Geen o/14 OB T
R125 (R140 by die deur) | 60 min. | Die Parlement
29 Maart 13:00; 30 Maart 18:00; 31 Maart 10:00

YOU SUCK (EN ANDER AFGRYSLIKE WAARHEDE)

DEBUUT Komedie

Met Klara van Wyk **Regie:** Francesco Nassimbeni
Teks: Klara van Wyk **Vertaling:** Marné Pienaar
Ontwerp: Francesco Nassimbeni
Verhoogbestuurder: Rosa Karoo Loewe
Vervaardiger: You Suck Productions
 In *You Suck (en ander afgrylike waarhede)* deel die eksentrieke tiener Pretina de Jager haar avonture, misverstande en mislukkings. Deur haar "Liewe dagboek"-vertolking neem die Chappie-

kouende Pretina, wat sukkel om haar voete te vind in die nuwe Engelse skool, jou op 'n reis deur onbekende *hashtags*, 'n *twerking faux pas* en wiskunde wat nie sin maak nie. Groepsdruk en verwerping kry die kleurvolle karakter egter nie onder nie en met haar eiesoortige selfvertroue, eerlikheid en humor hou sy die gehoor op hul tone.
Afrikaans en Engels • Geen o/12 T
R105 (R120 by die deur) | 50 min. | Die Parlement
1 April 10:00; 2 April 13:00; 3 April 16:00; 4 April 13:00

MUSIEK

AFRIKA MY VERLANGE / AFRIQUE MON DÉSIR

Kontemporêre musiek

Ondersteun deur NATi en Kunste Onbeperk
Met Laurinda Hofmeyr (sang en klavier), Schalk Joubert (baskitaar), Kevin Gibson (tromme), Malako Wekuna-Soba (sang), Yamamoto Bonkuta Loyeke (sang), Deodata Kinzunga-Walo (sang), Kayembe Ilunga (kitaar), en Dylan Roman (trekklavier) **Regie:** David Kramer **Musiekregie:** Schalk Joubert **Musiek:** Laurinda Hofmeyr **Animasie:** Diek Grobler **Produksiebestuurder:** Vicky Davis **Vervaardiger:** Cape Town Music Academy
 In *Afrika my verlange / Afrique mon désir* span legendariese regisseur, David Kramer, kragte saam met die veelbekroonde sanger en komponis, Laurinda Hofmeyr, en baskitaarspeler en vervaardiger, Schalk Joubert. Tesame met 'n wêreldklas-ensemble van sangers uit Wes-Afrika, ontdek hulle 'n skatkis van Afrika-poësie uit lande soos Madagaskar, Mauritanië, Senegal en Tsjaad, asook op eie bodem in die werke van Breyten Breytenbach en Antjie Krog. Hierdie literêre fees word deur Hofmeyr getoonset en gekombineer met Afrika-geïnspireerde melodieë en meesleurende animasieprente deur die gevierde kunstenaar, Diek Grobler, om hierdie 'n energieke, oudiovisuele musiek-ervaring te maak. Dit word aangebied in

Frans, Afrikaans en ander Afrika-tale. *Afrika my verlange / Afrique mon désir* ondersoek temas van verplasing en verlange, asook 'n diep gedeelde band tussen die Afrika-vasteland en sy bewoners.
Afrikaans, Frans en verskeie Afrika-tale | Gesin
| R125 (R140 by die deur) | 75 min. | Absa Burgersentrum
2 April 18:00; 3 April 14:00

AMANDA STRYDOM – STADIG OOR DIE KLIPPERS

DEBUUT Kontemporêre musiek

Met Amanda Strydom en Coenraad Rall **Regie en teks:** Amanda Strydom **Musiekregie:** Coenraad Rall **Vervaardiger:** Amanda Strydom
 Die liefde, die lewe, die menslike kondisie, die dood. Die blou planeet, die komiese, die patos, die mens in nood. Strydom neem haar gehoor met haar kenmerkende styl deur 'n wye spektrum van emosies. Oor berge en deur dale en stadig oor die klippers.
Afrikaans, Engels, Frans en Nederlands • Geen o/10
R145 (R160 by die deur) | 70 min. | Die Windpomp Restaurant Teater
2 April 10:00; 3 April 14:30; 4 April 10:00; 4 April 21:00

AWÊ KAKTUS

DEBUUT Kontemporêre musiek

Ondersteun deur Kunste Onbeperk
Met Mi Casa, Spoegwolf, Mathew Mole, Majozi en Elana Afrika-Bredenkamp (seremoniemeester)
 Wat sê jy van 'n paar van Suid-Afrika se grootste musiek *acts*, 'n piekniek in die Klein Karoo en lekker musiek – saam met al jou pelle? Jy sê *Awê, Kaktus*. Trek aan jou partytjieskoene en kom skop 2018 se KKNK 'n bietjie anders saam met ons af. Sien jou daar.
Afrikaans en Engels • Gesin
Ingesluit by Kuierbuurt-kaartjie | 120 min | Huisgenoot-verhoog
29 Maart 19:30

BESSELSEN

DEBUUT Kabaret

Met Jacques du Plessis en J.C. Visser **Regie en musiek:** Gertjie Besselsen **Teks:** Gertjie Besselsen, Hennie Aucamp en ID du Plessis
Vervaardiger: Mcat J
 Hennie Aucamp (1934-2014) en I.D. du Plessis (1900-1981), geliefkoopte en seminale Afrikaanse skrywers, word soos Lazarus teruggeroep deur die gewilde en aweregse musiekgroep Mr Cat & the Jackal. Gertjie Besselsen (lid van die groep) het van Aucamp en Du Plessis se bekendste tekste getoonset. Met woord en musiek word hierdie produksie interessante, kleinskaalse Afrikaanse kabaret op sy beste.
Afrikaans • OB T
R135 (R150 by die deur) | 60 min. | Die Parlement
29 Maart 19:00; 30 Maart 14:00; 31 Maart 17:00

BOONTOE: ENGELSTEMME

DEBUUT Kontemporêre musiek

Ondersteun deur Kunste Onbeperk
Met Jo Black, Robbie Wessels, André Terblanche, Corlea Botha, Thembeka, Kyle Seconna, die Hoërskool Oudtshoorn se Ad Astra-koor en orkes Melissa van der Spuy, Tim Rankin, Henry Steele en Schalk van der Merwe **Regie en teks:** Hennie van Greunen **Musiekregie:** Melissa van der Spuy **Verwerkings:** Melissa van der Spuy en Pedro Kruger **Samestelling:** Hennie van Greunen, Melissa van der Spuy en Pedro Kruger **Oudiovisuele ontwerp:** Nico Scheepers **Verhoogbestuurder:** Jaco Notnagel **Vervaardigers:** Pedro Kruger vir Wordsmith's Theatre Factory en Kunste Onbeperk
 'n Mengsel van tradisionele en sekulêre liedjies en spirituals wat sorg vir 90 minute se sielsverkwikkende musiek met van die beste stemme in Suid-Afrika. Tesame met die spesiaal-ontwerpte AV-materiaal en wêreldklasklank en -beligting belooft *Boontoe: Engelstemme* om voort te bou op die sukses van sy voorloper in 2016, wat vir 'n Kanna benoem is.

Afrikaans • Gesin**Ingesluit by Kuierbuurt-kaartjie | 90 min. |****Huisgenoot-verhoog****1 April 19:30****CH3 MET CHRIS CHAMELEON EN CH2****DEBUUT Kontemporêre musiek**

Met Chris Chameleon (sang, kitaar en baskitaar), Corneille Hutten (kitaar) en Dirkie van Staden (kitaar) **Musiek en regie:** Chris Chameleon & CH2 **Vervaardigers:** Chris Chameleon & CH2 Die legendariese en veelsydige Chris Chameleon van Boo-faam deel die verhoog met die virtuose, internasionaal-gerekende Sama-wenners CH2. Die kombinasie van Chameleon, met sy briljante stemgebruik en hoogs vermaaklike verhoogpersoonlikheid, en die musikale kitaarspelvuurwerke van CH2 met Spaans-Latyns-Afrika-ritmes en lekker Afrikaans, behoof 'n vertoning uit die boonste rakke en van internasionale gehalte.

Afrikaans & Engels • Gesin**R165 (R180 by die deur) | 80 min | Die****Windpomp Restaurant Teater****3 April 21:00; 4 April 14:30****DAVID KRAMER SE PLATTELAND****DEBUUT Kontemporêre musiek***Ondersteun deur Kunste Onbeperk*

Met David Kramer, Carlo Daniels, Anray Amansure, Nick Turner, Sean de Vries (baskitaar), Dylan Roman (trekklavier) en Kerry Torrance (viool) **Regie:** David Kramer **Teks:** David Kramer **Produksiebestuurder:** Renaye Kramer **Vervaardiger:** DK Productions **Musiek:** David Kramer

Platteland is 'n samestelling van David Kramer-liedjies, gesing deur David Kramer, Carlo Daniels en Anray Amansure. Maar dit is veel meer as net 'n konsert met liedjies. Dit is 'n belewenis.

Afrikaans • Gesin**R135 (R150 by die deur) | 70 min. | Absa****Burgersentrum****31 Maart 18:00; 1 April 14:00****ELLA FITZGERALD – A CENTURY IN SONG****DEBUT Musical theatre**

With Anna Davel, Gloria Bosman and John Fresk **Music director:** John Fresk **Producer:** Anna Davel

Join Anna Davel and Gloria Bosman in this swinging tribute to Ella Fitzgerald, presenting the timeless songs that she made her own, including "I Got Rhythm", "Cheek to Cheek", "Bewitched, Bothered and Bewildered", "Someone to Watch over Me.", "The Lady Is a Tramp" and "Summertime". Ella Fitzgerald is widely acclaimed as one of the best female singers in history, and in this production the First Lady of Song will be remembered through her timeless music that still brings joy to millions of fans all over the world. The past year was the celebration of the magnificent Ella Fitzgerald's 100th birthday, and this centennial concert honours a vocalist whose legacy and influence define a classic era of jazz singing. The "Queen of Jazz" will be celebrated through this diverse repertoire, arranged and accompanied by the brilliant Grammy nominee American pianist, John Fresk.

Afrikaans and English • Family**R125 (R140 at the door) | 70 min | Die****Windpomp Restaurant Teater****2 April 21:00; 3 April 10:00****GOUE TREFFERS VANI KAAP!****DEBUUT Kontemporêre musiek**

Met Karin Kortje, Robin Pieters, Elwira Standili Devon van Rooi (klavier), Jason Delaney (kitaar) en Jason Ward (perkussie) **Regie:** Basil Appollis **Vervaardiger:** Karin Kortje

'n Musiekblyspel met van jou gunsteling- goue treffers uit die hartjie van die Kaap, aangebied deur drie kunstenaars van die Kaap. Karin Kortje, 'n *Idols*-wenner van Grabouw, het in haar lewe baie uitdagings te bowe gekom en haar loopbaan getuig van deurstellingsvermoë en waagmoed. Sy deel graag haar liefde en rou, eerlike emosies met die gehoor. Oor Elwira Standili skryf *The Sowetan* die volgende: "This Worcester born songstress has

a voice that could probably unite fighting armed forces." Sy kom van die stofstrate van 'n klein gemeenskap, maar sy kan 'n gehoor vol staan. Robin Pieters het TV-gehoore gaande gehad met sy optrede op *The Voice SA* en was al 'n gaskunstenaar by verskeie vertonings oor die land heen. Met *Goue treffers vani Kaap* deel dié drie sangers in 'n intieme ruimte hul liefde vir musiek deur sterk ballades met 'n tikkie nostalgie wat jou sal wegvoer.

Afrikaans en Engels • Gesin**R145 (R160 by die deur) | 60 min. | Die****Windpomp Restaurant Teater****1 April 21:00; 2 April 14:30****KARIN HOUGAARD – GREPE****Musiekteater***Ondersteun deur Kunste Onbeperk***Met** Karin Hougaard en Jaconell Mouton **Teks en****musiek:** Karin Hougaard **Regie:** Mari Borstlap

Vervaardiger: Karin Hougaard Produksies Karin Hougaard bly sedert 2008 in die VSA. Dis dié dat haar Suid-Afrikaanse aanhangers die laaste jare min van haar te sien gekry het. Maar nou is sy terug. Met *Grepe* wys Hougaard waar sy vandag as kunstenaar en as mens staan. Die vertoning sluit ou treffers soos "Bly" en "Kruietuin" in, maar die gehoor maak ook kennis met haar jongste werk, want doer ver in North Carolina werk sy steeds aan nuwe komposisies. Dan is daar ook liedere wat sy in samewerking met die Nederlandse kunstenaar Herman van Veen geskryf het, en haar vertolkings van Anna Neethling-Pohl se Afrikaanse vertalings van sonnette van Shakespeare. Sy sing hoofsaaklik in Afrikaans, aangevul deur enkele liedere in Engels en Nederlands. Karin Hougaard se *Grepe* is intiem, dinamies, spontaan en literêr. Vir hierdie stem- en teksgedrewe vertoning word sy begelei deur die briljante Jaconell Mouton met regie deur Mari Borstlap.

Afrikaans • Gesin**R145 (R160 by die deur) | 85 min. | Die****Windpomp Restaurant Teater****31 Maart 21:00; 1 April 10:00****KAROO-NAG****DEBUUT Kontemporêre musiek***Ondersteun deur Kunste Onbeperk***Met** Adam Tas, Refentse, Joshua na die Reën,

Karin Kortjé, Caroline Grace, Gail & Malcolm

Arendse, Fatman en Percy de Villiers **Regie:**Angelo Mockie **Verhoogbestuurder:** CarmenMockie **Vervaardiger:** AM Productions

Hierdie is 'n verskeidenheidskonsert wat van Suid-Afrika se gewildste kunstenaars byeenbring om 'n Karoo-nag met gehore te deel.

Afrikaans • Gesin**Ingesluit by Kuierbuurt-kaartjie | 120 min. |****Huisgenoot-verhoog****31 Maart 19:30****KYKNET – DANS OP DIE VLAKTES****DEBUUT Kontemporêre musiek**

Met Alistair Izobell (seremoniemeester), Kurt Darren, Craig Lucas (*The Voice*), Paxton (*Idols*), Willem Botha, Leah, Gerrie Pretorius, Pieter Koen, Stephanie Baartman (*Getroud met rugby*) en Germandt Geldenhuys (*Binnelanders*)

Kom skop jou skoene uit en kuier saam met van jou gunsteling-kykNET-sterre en ander bekendes terwyl ons hop, bop, ruk-en-riël, vastrap en skoffel. Dis tyd vir dans. Hierdie #VolLewe konsert sal almal se voete laat jeuk.

Afrikaans • Gesin**Ingesluit by Kuierbuurt-kaartjie | 90 min. |****Huisgenoot-verhoog****30 Maart 19:30****LAURIKA RAUCH MET LOKI ROTHMAN: BLOU****Kontemporêre musiek****Met** Laurika Rauch en Loki Rothman**Musiekregie:** Laurika Rauch en Loki Rothman**Vervaardiger:** Laurika Rauch Produksies

Laurika en Loki se samewerking het met die herskepping van Laurika se ikoniese treffer "Blou", as 'n duet vir haar album, *Die reis*, begin. Loki het die nuwe verwerking gedoen en natuurlik ook saamgesing. Dié nuwe weergawe van *Blou* het reeds opslae gemaak (hulle het onder meer die Ghoema-prys gekry vir die luitoon van die jaar).

Laurika is reeds lank gevestig as 'n gewilde sangeres. Loki is baie geliefd – nie net as begeleier nie, maar ook as solokunstenaar, liedjieskrywer en musiekvervaardiger. Sy virtuose perkussiewe kitaartegniek is verstommend om te beleef en sy aanslag en stem, gekombineer met Laurika se stem en unieke vertolkingsvermoë, maak hul vertoning 'n buitengewone musiekervaring.

Afrikaans • Gesin

R155 (R170 by die deur) | 80 min | Absa Burgersentrum
1 April 18:00; 2 April 14:00

LEPELTJIE VOL SNARE

DEBUUT Kontemporêre musiek

'n NATi / Feesteforum-produksie

Met Hannes Coetzee, Frazer Barry, Earl Witbooi, Loit Sols, Deniel Barry en Stefne van Dyk **Regie:** Amelda Brand **Teks:** Frazer Barry **Choreograaf:** Deniel Barry **Produksiehuis:** Oeps! Produksies **Vervaardiger:** Kunste Onbeperk

Die kitaar- en snaarinstrumente het die toets van die eeue geslaag en vandag vind jy honderde verskillende snaarinstrumente regoor die wêreld. Die teelepeltjie is seker een van die algemeenste huishoudelike gereedskapstukke in die wêreld. Wat gebeur wanneer die snaarinstrument en die teelepel een word? *Lepeltjie vol snare* vier die oorsprong van die snaarinstrument in die Suid-Afrikaanse tradisionele volkmusiek – met die Boesman-boog, die banjo, die viool, die akoestiese kitaar en natuurlik die teelepel wat 'n sentrale plek inneem. Hannes Coetzee se besonderse styl van kitaarspeel met 'n teelepeltjie in sy mond word na 'n nuwe generasie oorgedra. Coetzee het die verbeelding van Suid-Afrikaners en die Amerikaners aangegryp met sy eiesoortige, unieke manier van kitaarspel. Met sy toer na Amerika het hy sy vaardighede ten toon gestel, met talle Amerikaanse kitaarspelers wat sy tegniek probeer het, maar sonder sukses. Frazer Barry het as kind ervaar hoe sy oupa en ooms op verskillende maniere die volkmusiek en tradisionele musiek lewend gehou het deur hul eie instrumente te

maak en dan te speel. Hy is deur Hannes Coetzee touwys gemaak om die kitaar met die lepel te bespeel. Frazer het egter besluit om die lepel saam met die banjo te gebruik en om sodoende sy eie styl te ontwikkel.

Afrikaans • Gesin

R125 (R140 by die deur) | 70 min. | Die Windpomp Restaurant Teater
28 Maart 20:00; 29 Maart 10:00; 30 Maart 14:30

LIZE BEEKMAN – STILTE NA DIE STORM

DEBUUT Kontemporêre musiek

Met Lize Beekman en Jaconell Mouton **Regie en musiek:** Lize Beekman **Vervaardiger:** Lize Beekman

'n Intieme en rustige musiekervaring met musiek en lirieke uit die pen van Lize Beekman. Haar sangstem en kitaarbegeleiding, saam met Jaconell Mouton se aanvoeling vir haar musiek op klavier, sorg vir sielvolle en musikale vertolkings wat 'n mooi en blywende ervaring beloop.

Afrikaans • Gesin

R135 (R150 by die deur) | 70 min. | Die Windpomp Restaurant
31 Maart 10:00; 1 April 14:30

MAANLIG

DEBUUT Kontemporêre musiek

Met Leslie Javan, Ricardo Arendse, Ronan Skillen en Francios Afrika **Regie:** Leslie Javan **Verhoogbestuurder:** Ricardo Arendse **Projekbestuurder:** Melissa Javan **Film:** Rowan van Zyl
Maanlig se storie strek dwalend vanaf die see, oor berge deur die Karoo, Namakwaland en verre verlede met musiek vol kulturele geur en kleur. Dit bestaan meestal uit nuwe werke uit die pen van Leslie Javan, met nuwe weergawes uit die verlede. Javan het 'n rangskikking van akoestiese kitaar, tjello en perkussie wat saam 'n storie vertel. Uitgevoer deur 'n groep van Suid-Afrika se voorste musikante beloop *Maanlig* om 'n besondere audiovisuele ervaring te wees.

Afrikaans • Gesin

R125 (R140 by die deur) | 70 min. | Die Windpomp Restaurant Teater
29 Maart 14:30; 30 Maart 21:00

RICUS EN REFENTSE AKOESTIES

DEBUUT Kontemporêre musiek

Met Ricus Nel en Refentse **Regie en vervaardigers:** Ricus Nel en Refentse
Ricus Nel en Refentse soos jy hulle nog nooit gesien het nie: intiem en akoesties. Van ou gunsteling wat afgestof word tot hul nuutste treffers.

Afrikaans • Gesin

R155 (R170 by die deur) | 60 min. | Absa Burgersentrum
3 April 18:00; 4 April 14:00

RSG "DIS OPERA"-KONSERT

Klassieke musiek

Ondersteun deur Kunste Onbeperk

Met Wouter de Wet, Laetitia Orlandi (klavier), Santisa Viljoen (dirigent) en die NWU Konservatoriumkoor **Regie:** Antoinette Olivier en Conroy Cupido **Vervaardiger:** Noordwes-Universiteit

'n Program met solo-, ensemble- en koorwerke uit gewilde operas van onder andere Verdi, Mozart, Puccini en Bizet, aangebied deur sangers en die koor van die konservatorium van die Skool vir Musiek van die NWU, Potchefstroom. Al die deelnemers is tans ingeskrewe sangstudente. Dié produksie word aangebied deur Wouter de Wet van RSG en is onlangs deur die NWU met die Institusionele toekenning vir uitnemende kreatiewe uitsette (ITUKU) bekroon.

Afrikaans en Engels • Gesin

R125 (R140 by die deur) | 75 min. | Absa Burgersentrum
31 Maart 14:00; 1 April 10:00

RYMKLETS VAN OOS TOT WES

DEBUUT Kontemporêre musiek

Ondersteun deur Kunste Onbeperk

Met HemelBesem, Yoma, Early B Oxijin, Dj J-EFX, Yugi Yo, C4 + 5 Star, Jevigo & Hilton en MC IXA

Regie: Simon Witbooi **Produksiebestuurder:**

Danny B Manuel **Verhoogbestuurder:** Lincoln Philander **Vervaardiger:** Danny B Entertainment Production Pty

Rymklets van Oos tot Wes beloop vermaak vir oud en jonk en beeld terselfdertyd die geskiedenis van hip-hop uit. Kom sien en hoor hoe die verskillende style oor die jare verander het. HemelBesem, Yoma en Early B deel die verhoog met plaaslike talent. Hierdie is die grootste platform vir rymklets in die land. Nuwe uitblinkers sluit in MC IXA, die grootste Afrikaanse hip-hop-kunstenaar in Namibië, asook ander plaaslike dansers en kletsrymers.

Afrikaans • Gesin

Ingesluit by Kuierbuurt-kaartjie | 120 min. | Huisgenoot-verhoog
3 April 19:30

SHHHHHHHHHH

DEBUUT Musiekteater

Met Coenie de Villiers en Mauritz Lotz **Regie en teks:** Coenie de Villiers **Vervaardiger:** CDV Market Ideation

Coenie de Villiers se nuutste versameling liedere is stil en suiwer, en hy kom speel hulle vir die eerste keer by die KKNK. Hy wys in hierdie vertoning waarom hy beskou word as een van Suid-Afrika se sterkste liedjieskrywers en kunstenaars Die weergalose Mauritz Lotz voeg sy eie towerkrag op kitare by. Dit is onverdunde Coenie, soos die fynproewers daarvan hou.

Afrikaans • Gesin

R155 (R170 by die deur) | 60 min. | Die Windpomp Restaurant Teater
29 Maart 21:00; 30 Maart 10:00; 31 Maart 14:30

STERRENAG – MUSIEK MET HART

DEBUUT Kontemporêre musiek

Met Snotkop, Jay, Brendan Peyper, Leah, Willem Botha, Pieter Koen, Caroline Grace, Fatman, Lee Scott, Jan Bloukaas, Early B, Vernon Barnard, HemelBesem, Chris Else, Elwira Standili en Gerrie Pretorius **Samestelling:** Corné Oosthuizen

Vervaardigers: CO Productions, Lumico en Kunst Onbeperk
Van Suid-Afrika se voorste Afrikaanse musiekkunstenaars onder die sterre op die verhoog met nuwe en ou treffers, wat die stories van die hart en siel vertel.
Afrikaans • Gesin
Ingesluit by Kuierbuurt-kaartjie | 90 min. | Huisgenoot-verhoog
2 April 19:30

Die nuwe stroom-luister musiek app, JOOX, skep verskeie musiekervarings by die KKNK. Kom maak 'n draai.

FEESTERREIN

Prikkel jou kunsierigheid in die nuwe Kuierbuurt met hope vermaak vir die hele gesin. Aktiwiteite vir die jongspan is volop met teater in verskeie genres, voorlesings uit kinderboeke en hope ander pret by die ATKV-Speelbos. Ontspan by Liplekker met sy heerlike deli-produkte en wyn wat geproe kan word, asook ander kroë en rusareas. Die musiekprogram skop om 12:00 op die Castle Lager-verhoog af en eindig om 18:00, wanneer ons na die Huisgenoot-verhoog skuif. Die aandprogram op die Huisgenoot-verhoog word in die formaat van piekniek-ervarings aangebied. Bring jou eie stoel en kombes en geniet die musiek onder die Klein Karoo-sterreprag. Kuier lekker terwyl van ons land se topkunstenaars en nuwe stemme jou vermaak. Lees meer oor dié aandprogram vanaf bladsy 6. Ná die aandkonsert by die Huisgenoot-verhoog sluit ons die aand van 21:30 tot laat by die Castle Lager-verhoog af.
Afrikaans en Engels • Gesin
Weekkaartjie: R255 (slegs vooraf-verkope)
Dagkaartjie: R85 Dagkaartjie op 4 April: R55
Kinders o/14 met ouerbegeleiding: R10 per dag

BARON VAN REEDESTRAT

Baron van Reestraat is die hartklop van die fees en feesgangers kan 'n allegaartjie van internasionale en plaaslike straatkunstenaars hier sien. Uitstaande musiek en interaktiewe gesprekke word op die kykNET-verhoog en die RSG-verhoog aangebied, met optredes deur bekende en nuwe kunstenaars. Uitkampteater, die Blitsbasaar en verskeie ander impromptu-optredes sorg vir verrassings vir jonk en oud. Maak 'n draai by die Netwerk24 Feeskafee op die hoek van Baron van Reestraat en Voortrekkerweg en kry van jou gunstelingpublikasies en aandenkings en luister na gesprekke oor die jongste boeke in die ATKV-Boeke-oase. Dié feestelike straat is die tuiste vir onder meer die ATKV-Kampvuur, Uitkampteater, die kykNET-verhoog en ander straatteater.

ATKV-KAMPVUUR

Aangebied deur: Haidee Muller
Haidee Muller, gewilde RSG-aanbieder en 'n boorling van Oudtshoorn, verwelkom elke aand met sonsondergang feesgangers by hul kampvuur. Onder die Karoo-sterre kom storievertellers vanuit al die uithoeke van die land bymekaar om te kuier en verhale van heinde en verre te deel. Die snare word tussendeur getokkel en 'n glasie wyn word geklink. ATKV-Kampvuur word op 29 Maart, 31 Maart en 2 April regstreeks op RSG uitgesaai.
Gratis | 60 min. (31 Maart 120 min.) | RSG-verhoog
29 Maart tot 3 April 20:00 4 April 17:00

UITKAMPTEATER

Moontlik gemaak deur die Koninklike Nederlandse Ambassade, Pretoria
Die KKNK se Uitkampteater-inisiatief is by die Fiëstas in 2017 as die mees innoverende konsep beloon. Dié program belooft om 'n hoogtepunt op die program te wees. Dié kortkuns-program sluit onder meer Nederlandse kunstenaars, die beste van die DCAS dramafees, talent van die plaaslike distrik en opwindende werke van jong en gevestigde teatermakers in. Die samestelling sorg vir 'n verskeidenheid van genres om jonk en oud te vermaak. Uitkampteater kan gesien word voor die

Absa Burgersentrum en by Speelbos in die Kuierbuurt. Van die hoogtepunte sluit in:

DIE MEERMIN-KOMPLEKS

DEBUUT Drama

Met Du Toit Albertze Regie: Philip Rademeyer
Teks: Du Toit Albertze

Robbie is vas oortuig hy is 'n borrel. Die dorp verdink hom van 'n meermin wees. Albei is ewe uit plek met die Calvinistiese oortuigings van die verlate kUSDorpie, Draadbaai. Robbie probeer maar net sy plek tussen die grond en see vind, maar sy emosionele reis word onderbreek deur die onheilspellende duikers met hul meerminjagte, sy vader wat hom probeer "regmaak", pastoor Ursula se duistere agenda en sy kwynende geestestoestand wat aan 'n *boogie board* hang. *Die meermin-kompleks* is 'n tragikomiese reeks episodes wat die Victoriaanse ideologieë oor die heiligheid van kindwees, sowel as gay regstellende verkragtings, in 'n Afrikaner-konteks ondersoek.

Afrikaans • Geen o/13 T S

R20 | 20 min. | Voor die Absa Burgersentrum
Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

LOLLY

DEBUUT Drama

Met Ameera Conrad Regie: Dara Beth **Teks:** Ameera Conrad en Dara Beth **Vervaardiger:** The Furies Co-Op

Lolly is 'n lewendige pop. Sy is alles wat jy ooit sal begeer, alles wat elke televisieprogram jou oortuig jy verdien. Mans, sy is elke skoolmeisiefantasie wat jy al gehad het, elke laatnagprogram. Dames, sy is elke beeld wat jy nastreef, elke stoute gedagte waarvoor jy al gebloos het. Almal anders: Jammer, die media het nog nie heeltemal by julle uitgekom nie, maar Lolly mag dalk. Vergesel Lolly soos sy jou deur 'n wêreld van plesier begelei en nuttige wenke en insig deel deur middel van haar maklik-om-te-volg-YouTube-handleidings. Mans, kyk hoe 'n kenner jou vrou leer wat jy nodig het. Dames, leer alles wat jy nodig het om jou man se fantasieë 'n werklikheid te maak. Almal anders: Jy sal sekerlik iets bevredigend hieruit vind.

Engels en Afrikaans • Geen o/18 S T D G N
R20 | 20 min. | Voor die Absa Burgersentrum
Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

VAN GANSER HARTE

DEBUUT Komedie

Met Des-Lee McKenzie, Ian van der Westhuizen en Monique Basson Regie: Ian van der Westhuizen

Moenie van jou hart 'n moordkuil maak nie, want elke hart het sy smart. Dra jou hart op die mou, want wat die hart van vol is, loop die mond van oor. *Van ganser harte* doen presies dit. Vier uiteenlopende, skreeusnaakse sketse deur twee nuttelose romantikusse. Elke skets word deur 'n liefdesvers vergesel, maar daar is kinkel in die kabel. Slegs een skets word elke uur vertoon, maar die vraag is: Watter een? Kom *spin* die wiel en vind saam met ons uit. Dalk praat die skets van die uur met jôu hart.

Afrikaans • OB

R20 | 10 min. | Voor die Absa Burgersentrum
Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

Lees meer oor Uitkampteater-hoogtepunte vir kinders vanaf bladsy 10.

KYKNET-VERHOOG

Die kykNET-verhoog in Baron van Reestraat bied 'n oase vir jonk en oud. Jy kan hiër jou gunsteling-TV-akteurs ontmoet, uittreksels uit en kort voorskoue van verskeie feesjuwele op die program sien en gasoptredes deur verskeie musikante verwag.

STRAATTEATER

Verskeie verrassings wag op feesgangers met internasionale kunstenaars van o.a. Nederland en Vlaandere, asook straatkunstenaars van regoor Suid-Afrika. Die kunstenaars tree daaglik in verskeie ruimtes en op plekke in Baron van Reestraat en ander dele van Oudtshoorn op.

VISUELE KUNS

Krap waar dit jeuk

Kurator: Lucia Boer **Mediums:** Drukwerk en ander kunsmidiums
Die KKNK se nuwe visuele kunstekurator, Lucia Boer, omskep die Prince Vintcent-gebou in 'n ruimte waar daar iets vir 'n ieder en elk is om uit te kies en keur onder die tema "Krap waar dit jeuk". Sentraal tot dié tema en uitstallings is ons feeskunstenaar, Johannes Maswanganyi, en sy seun, Collen Maswanganyi. Hulle bring hul besondere houtbeeldhouwerke na die fees. Die uitstallings fokus op drukwerk en veelvuldige kunswerke wat werk van verskeie gevestigde en opkomende kunstenaars insluit. Die aanbod is vir ernstige kunsversamelaars, sowel as intree-kopers. Daar is ook 'n paar verrassings met projekte soos die gemeenskapsfotoprojek *I Was Shot*, en drukwerkwerkswinkels.

Age of Innocence

Kunstenaars: Jean Brundrit, Odette Graskie, Mmabatho Grace Mokalapha, Barbara Wildenboer, Minenkulu Ngoyi, Sitaara Stodel, Steven Bosch, Nina Liebenberg, Ledelle Moe, Khaya Sineyile, Sonwabiso Ngcai en Miranda Moss **Medium:** Verskeie **Kurator:** Nadja Daehnke
Met taksidermie word die liggaam van 'n dier opgestop en bewaar, of om uit te stal of om te bestudeer. Die woord taksidermie kom van die Griekse *taxis* en *derma*. *Taxis* beteken "ordening" en *derma* beteken "vel". Letterlik beteken taksidermie die "ordening van vel". Bes moontlik dui taksidermie op 'n "age of innocence", waarin rasionaliteit aanvaar is as 'n stuwende krag, waarin die mens geheers het, waarin die aarde 'n plek van oorfloed was. Kunstenaars ondersoek hierdie "age of innocence" vanuit hul eie era van die Antroposene, van 'n onteenseglike aandadigheid aan ekologiese/biologiese bandeloosheid. Vanuit 'n sogenaamde postkoloniale en postmoderne tyd na die meesterlike ordening van die moderne era.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou
Daaglik 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Architectus Konstruksie

Kunstenaars: Chrisel van der Merwe **Medium:** Verskeie
Chrisel van der Merwe se uitstalling sluit 'n versameling van eksperimentele drukkuns, beeldhouwerk, videokuns, skilderkuns en installasie in. *Architectus Konstruksie* speel met die idee en kern van konstruksie deur oomblikke van 'n stad se ontwikkeling op 'n nuwe en skerpsinnige manier vas te vang. Die interaktiewe aard van die uitstalling bied vir die kyker ook verskillende moontlikhede van 'n sensoriese en sintuiglike ervaring: tas, verbeelde aanraking, gehoor, reuk en sig. Die kunstenaar se inspirasie spruit uit skepping, verval en hernuwing binne die deurlopende toestand van verandering in 'n stad. Sy ondersoek die tweeledige aspekte van konstruksie. Deur koperplate rondom en van konstruksieterreine in Johannesburg te beskuldig, vang sy die spontaneïteit, die toevalligheid en die vernietigende aard van konstruksie vas. Aan die ander kant belig sy die orde en noukeurige metodologie van konstruksie wat ons daaglikse bestaan orden.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou
Daaglik 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Artist Proof Studio – Invest In the Best

Kunstenaars: Onder andere Luzoko Dayile, Lebogang Sithole en Ramarutha Makoba **Medium:** Drukkuns **Kurator:** Jeanne-Maré du Bois **Galery:** Artist Proof Studio
Uitstaande drukkunswerke teen bekostigbare pryse, met 'n verskeidenheid van geraamde en ongeraamde werke. Die Artist Proof Studio is 'n nieregeringsorganisasie wat al 27 jaar bestaan en wat bekend is daarvoor dat hulle kunstenaars ontwikkel wat beleggingspotensiaal bied.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou

Daaglik 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Aspire Art Auctions

Kunstenaars: Deborah Bell, Robert Hodgins en Gregoire Boonzaier **Medium:** Afdrukke
Aspire Art Auctions stal 'n verskeidenheid afdrukke uit wat deur die loop van die fees op spesifieke tye op 'n veiling verkoop sal word. Die veilinghuis se kunsspesialiste sal praatjies oor kuns lewer en is beskikbaar om kunswerke gratis te waardeer. Vertonings van kunsrolprente word ook aangebied. **Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou**
Daaglik 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Equals & Averages

Kunstenaar: Nadja Daehnke **Medium:** Werk op papier
Tyd, geskiedenis en herinnering vorm die wese van *Equals & Averages*. Die werk weerspieël die meedoënlose verloop van tyd, maar nogtans is ons behep daarmee om dié verlede in ons herinnering te herleef om ons identiteit daarop te bou. Terselfdertyd beskou ons onself as onvolkome en smag na 'n mitiese toekomstige self. Die uitstalling fokus op wat was en wat sal wees, met die hede wat die heeldyd verskuif word. Die verlede en die toekoms is egter nie vasstaande nie. Dit word deurlopend herskep om oorheersende ideologieë en sosiale strukture te weerspieël. *Equals & Averages* is saamgestel uit broos oppervlakke. Die materiaal se verval dui op die spanning van die hedendaagse mens wat poog om die geskiedenis en geheue staties te hou, wat soek na bewyse van status en 'n onaanvegbare konteks. Daehnke het die werk geskep terwyl sy in Europa en Brittanje gewoon het – gedurende 'n tydperk wat gekenmerk is deur 'n oplewing in fascisme in die Noordelike Halfron en 'n verwikkelde versplintering van die drogrede dat die Weste die beste is.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou
Daaglik 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Iwasshot in Joburg

Kunstenaars: Iwasshot-span **Medium:** Gemeng **Kurator:** Bernard Viljoen **Galery:** Iwasshot in Joburg
'n Verskeidenheid van werke wat deur foto's geïnspireer is, wat met weggooi-kameras geneem is deur voormalige straatkinders en jeugdige wat in gevaarlike omstandighede in en om Johannesburg woon. Dit bied 'n glimp van die middestad van Johannesburg soos gesien deur die oë van voormalige straatkinders. Laat jou foto neem in die fotohokkie en word deel van die groep. **Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou**
Daaglik 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Maakit Mooi

Aangebied deur Absa
Kurator: Dr. Paul Bayliss **Medium:** Funksionele kunswerke
Absa bring weer eens kuns na die hart van Oudtshoorn met 'n aantal "funksionele" kunswerke wat oor die dorp heen geïnstalleer word om die dorp se status as 'n Suid-Afrikaanse "kunsteste" te vier. Absa L'Atelier-kunstenaars, onder leiding van dr. Paul Bayliss, Absa se kuns- en museumkurator, het saamgewerk om die kragtige, funksionele kunswerke lewe te gee – geskoei op die tema van 2018 se L'Atelier-veldtog: "Gee kuns lewe." Dié skouspelagtige werke, wat 'n vermenging van vorm en funksie insluit, is op aangewese plekke in en om Oudtshoorn te vinde om kunshulde aan die dorp te bring vir sy rol in die ontwikkeling van die kunste. Absa en feesgangers "maakit mooi" vanjaar! Feesgangers word ook genooi om aan die mooimaak van 'n bykomende kunswerk, in die vorm van verfkuns voor Oudtshoorn se openbare biblioteek, deel te neem. Dr. Bayliss bied by vanjaar se fees begeleide kunstoere aan, en besoek dié installasieterreine om besoekers 'n rare blik te gee op die kreatiewe prosesse agter die ontwikkeling en skepping daarvan. Die begeleide kunstoere sluit talle verrassings in, onder meer egte Karoo-happies, gratis WiFi-toegang en koue water, asook intieme

gesprekke met die bekende Suid-Afrikaanse akteur, vervaardiger en aanbieder Hannes van Wyk, in die nuwe Absa Rooiplein. Die kunstoeer met dr. Bayliss begin daagliks om 08:45, met die Absa Rooiplein as vertrekpunt.

Gratis | 90 min. | Absa Rooiplein
Daagliks 08:30 tot 10:30

Reacclimate

Kunstenaar: Jürgen Dünhofen **Medium:** Gemengde media

Jürgen Dünhofen skep installasies met lense van teleskope, mikroskope en vergrootglase op houtdriepote om geprojekeerde landskappe wasig te maak of om beelde af te breek. Deur vir 'n oomblik stil te staan en na die wêreld te kyk deur middel van die beeldhouwerke versinnebeeld die stryd om te fokus op die "hier en nou". Die kop wat alewig besig is, bied min ruimte vir sodanige bepeinsing. Vir Dünhofen word die dioptriese beelde deur die lens die metafore van sy eie diskoers binne familieverhoudinge, vermeng met die plaaslike diskoers van Suid-Afrika, waar hy gebore is, en die tyd wat hy in Suid-Korea deurgebring het.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou
Daagliks 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Selected works

Kunstenaars: Odette Graskie, Dirk Bahmann, Lee-At Meyerov, Wayne Matthews, Stephan Erasmus, Donald Makola, Jaco van Schalkwyk, Roberta Joy Rich, Moshe Alister, Minien Hattingh en Nina Kruger **Organisasie:** Kreatif Fine Art **Kurator:** Stephan Erasmus

'n Versameling van kunswerke gekies deur 'n verskeidenheid jong en gevestigde kunstenaars, word uitgestal. Verskeie mediums word ondersoek en kunswerke vir elke begroting word uitgestal.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou
Daagliks 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

The Creative Block

Kunstenaars: Verskeie **Medium:** Gemeng **Organisasie:** Spier-kunstrust **Kurator:** Tamlin Blake

The Creative Block word deur die Spier-kunstrust bestuur. Deelnemende kunstenaars kry skoon blokke van verskillende groottes, wat hulle op enige manier deur middel van enige media herskep. The Creative Block bied kunstenaars van Suider-Afrika, gevestig en opkomend, die geleentheid om dadelik geld te verdien, hul artistieke veld uit te brei, en 'n platvorm om in te eksperimenteer. Die werke word beoordeel en die bestes word gekoop om teen bekostigbare pryse herverkoop te word aan kunsliefhebbers en die algemene publiek. Die hoofkurator se terugvoer oor die werke is soortgelyk aan 'n meestersklas en bied vir die kunstenaar 'n geleentheid vir ontwikkeling. Elke blok weerspieël 'n unieke artistieke taal en styl, en gesamentlik getuig die blokke van die ryke en besonderse kunsstemme binne die kunslandskap van Suider-Afrika. Sedert 2004 was meer as 250 kunstenaars deel van The Creative Block-program.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou
Daagliks 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

True Self: Open Dialogues

Kunstenaars: Alex Msibi, Cedrick Kwata, Johan Stegmann, Lehlogonolo Mashaba, Nkhesani Rihlampfu, Tatenda Chidora en Leanne Olivier **Medium:** Verskeie **Kurator:** Tlotlo Lobelo

Wat is die ware self? Waarheid verwys na iets wat is, wat tasbaar is, iets wat feitlik is en in sy werklike staat verkeer. *Open Dialogues* is 'n soeke na betekenis om reaksie en 'n dieper ervaring uit te lok. Die uiteinde is eietydse werke wat tyd, ruimte, kleur en materiale inspan om tradisionele grense, onderwerpe en konsepte uit te daag om 'n eerlike en intellektuele mening bloot te lê. Die werke is die simboliese uitdrukking van emosies en idees wat die kyker uitdaag om dinge op 'n intellektuele manier te sien en nadenke oor die self aan te moedig.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou

Daagliks 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Vuurdans

Kunstenaars: Alta Botha, Caro Fine, Carol Sachs, Denise Woodgate, Donne Rundle, Elfriede Dreyer, Ingrid Coerlin, Janet Holding, Mariëtta van Rooyen, Mary-Jane Morris, Mieke Machiels, Rosa Snyman Wessels en Terry Zoeller **Medium:** Verskeie **Organisasie:** CAP-kunsgroep **Kurator:** Elfriede Dreyer

Vuurdans fokus op die vernietigende brand wat van 7 tot 12 Junie verlede jaar op die Tuinroete gewoed het en wat veral Knysna getref het. Sowat 1 000 geboue, huise en informele wonings is vernietig en mense is dood. Dit was die grootste vuurramp wat die omgewing sedert 1869 getref het, en dit het onmeelike pyn en verlies veroorsaak en 'n landskap van verwoesting agtergelaat. Dié brande moet ook binne die groter perspektief van aardverwarming en vuur-ekologie gesien word: In sekere ekosisteme is vuur 'n sistemiese proses wat 'n noodsaaklike bydrae lewer tot habitathernuwing, soos met die Kaapse fynbos wat vuur nodig het om te ontkiem, te vestig en te reproduseer. Die deelnemende kunstenaars van die Contemporary Art Practice-groep (CAP), 'n groep kunstenaars uit die Tuinroete-omgewing, het almal die brand op 'n regstreekse of onregstreekse manier ervaar: Deur wonings wat verwoes is; óf die ang van dreigende verwoesting en ontruiming; óf die trauma van vriende en familie wat getref is en verliese gely het. Die werke gee uiting aan hierdie emosies, en fokus ook op die siklus van lewe en dood in die natuur en in mense se lewens.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou
Daagliks 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Walter Battiss

Kunstenaars: Walter Battiss **Medium:** Digitale afdrukke **Kurator:** Eduard du Plessis **Galery:** The Walter Battiss Company

Al die afdrukke is ware en outentieke kopieë van oorspronklike kunswerke van Walter Battiss. Die

kopieë is wettig en gemaak met die toestemming van die kopiereghouer. Oorspronklike genommerde sy-afdrukke, kunstenaarsdrukproewe, sketse, waterverfwerke en olieskilderye word geskandeer, kleure word nagegaan en word dan digitaal gedruk deur meesterdrukkers in dié veld. Die beste materiaal geskik vir dié drukwerk word gebruik en Battiss se handtekening is op elke afdruk met handreliëfdrukwerk aangebring. Die groottes van die werke wissel van A5 tot 500 mm x 710 mm.

Gratis | 480 min. | Prince Vintcent-gebou
Daagliks 09:00 tot 17:00 (2 en 4 April 10:00 tot 17:00)

Maak seker jy kry jou kaartjies vir die eksklusiewe vertonings van Ingrid Winterbach se *Ons is almal freaks hier*, wat spesifiek in die ruimte tussen die kunsuitstallings in die Prince Vintcent-gebou gesien kan word. Lees meer op bladsy 4.

JEUG- EN KINDERVERMAAK

Jong feesgangers het vanjaar 'n verskeidenheid om van te kies en keur. Hoogtepunte uit dié program sluit in daaglikse kindervermaak in die Kuierbuurt by die ATKV-Speelbos, wat die jongspan se kunsierigheid prikkel. Verskeie Uitkampteater-optredes, musiekvertonings en ander vermaak word ingesluit. Interaktiewe aktiwiteite en installasies verskaf deur die dag hope pret en vermaak, met verskeie karakters en ander gunsteling wat kom kuier. Hou kknk.co.za dop vir meer inligting.

Ingesluit by Kuierbuurt-kaartjie
ATKV-Speelbos (in die Kuierbuurt)
Daagliks 10:00 tot 17:00

Verrassings op die teaterprogram vir jong volwassenes sluit in: *Babbelagtig* (bladsy 1), *Moord in Ixiastraat* (bladsy 4), *You Suck (en ander afgryslieke waarhede)* (bladsy 6), die ATKV se Tienertoneelwenner, *Innie selle* (bladsy 3) en

Uitkampteater voor die Absa Burgersentrum (bladsy 9).

BLOEB!

Kindervermaak

Met Schoemé Grobler en Isabelle Grobler **Regie:**

Sjaka S. Septembir **Teks:** PuppeTriX

Vervaardiger: PuppeTriX

Miemie hou nie van bad nie. Die badkamerbewoners probeer haar egter anders oortuig. Word badkamertyd speelyd? Dié kinderkomedie sal jou kind anders na die alledaagse dinge rondom hom of haar laat kyk.

Afrikaans • Gesin

R20 (toegang tot Kuierbuurt uitgesluit) | 20 min.

ATKV-Speelbos in die Kuierbuurt

Daaglik 11:00 tot 17:00

CRAFTY KIDS

Met Elana-Marie Snyman en Amanda le Roux

Aangebied deur: Crafty Kids

Kinders kan speel-speel kreatief wees terwyl hul nuwe tegnieke aanleer en met verskeie materiale werk. Kom kuier by Crafty Kids en kies wat jy wil maak! Kom verf 'n masker, maak 'n pretjie uit *fun foam* of verf op lap. Jy kan sommer elke dag 'n ander kunswerk maak en huis toe neem. Alle materiale is ingesluit. Kom deel die pret!

Afrikaans en Engels • Geen o/4

R100 (toegang tot Kuierbuurt uitgesluit) | 60 min. | ATKV-Speelbos

29 Maart tot 4 April 12:30; 14:00; 15:30

IN DIE NATUUR

DEBUUT Kindervermaak

Met Caleb Petersen, Jurgen McEwan en Kurt Jonas

Regie en teks: Chenal Kock en die rolverdeling

Verhoogbestuurder: Chenal Kock

Vervaardiger: Chenal Kock

In die natuur is die bekendstelling van *In die woud* se volgende hoofstukke: *In die see* en *In die lug*. *In die woud* het verlede jaar die Kanna vir die beste kinderteaterproduksie by die KKNK gewen. Dié stuk maak gebruik van elemente van fisiese teater,

objekteater en natuurlike klanke. *In die natuur* se hoofstukke maak nuwe ruimtes oop vir die verbeelding. Dis definitief 'n ontdekkingsreis.

Afrikaans • Gesin

R20 (toegang tot Kuierbuurt uitgesluit) | 20 min.

ATKV-Speelbos in die Kuierbuurt

Daaglik 11:00 tot 17:00

IN DIE LUG

DEBUUT Kindervermaak

Met Caleb Petersen, Jurgen McEwan en Kurt Jonas

Regie en teks: Chenal Kock en die rolverdeling

Verhoogbestuurder: Chenal Kock

Vervaardiger: Chenal Kock

In die lug is 'n volgende hoofstuk van *In die woud*.

In die woud het verlede jaar die prys gewen vir die beste kinderteaterproduksie by Uitkampteater. Dit

vertel die storie van 'n jong man en sy

verkenningstog deur die lug, wat baie vroe laat

ontstaan. Is die lug wit of is dit eintlik blou? Hoe

vlieg 'n mens in die lug? Die gehoor word genooi

om deel te wees van een man se reis deur en na

die lug. Wanneer jy jouself toelaat om 'n nuwe

ruimte van potensiaal te ondersoek – dit is

wanneer die betowering gebeur. *In die lug* skep 'n

nuwe ruimte vir die verbeelding. Kom saam op die

verbeeldingsvlug van ontdekking!

Afrikaans • Gesin

R20 (toegang tot Kuierbuurt uitgesluit) | 20 min.

ATKV-Speelbos in die Kuierbuurt

Daaglik 11:00 tot 17:00

IN DIE SEE

DEBUUT Kindervermaak

Met Caleb Petersen, Jurgen McEwan en Kurt Jonas

Regie en teks: Chenal Kock en die rolverdeling

Verhoogbestuurder: Chenal Kock

Vervaardiger: Chenal Kock

In die see is 'n volgende hoofstuk van *In die woud*,

wat verlede jaar die prys gewen het vir die beste

kinderteaterproduksie by Uitkampteater. Dit vertel

die storie van 'n jong man en sy verkenningstog

deur die see, waar hy die wonderwêreld van water

ontdek. Wanneer jy jouself toelaat om 'n nuwe

ruimte van potensiaal te ondersoek – dit is

wanneer die betowering gebeur. *In die see* skep 'n nuwe ruimte vir die verbeelding. Kom saam op die verbeeldingsvlug van ontdekking!

Afrikaans • Gesin

R20 (toegang tot Kuierbuurt uitgesluit) | 20 min.

ATKV-Speelbos in die Kuierbuurt

Daaglik 11:00 tot 17:00

IN DIE WOOD

DEBUUT Kindervermaak

Met Caleb Petersen, Jurgen McEwan en Kurt Jonas

Regie en teks: Chenal Kock met die rolverdeling

Verhoogbestuurder: Chenal Kock

Vervaardiger: Chenal Kock

In die woud het verlede jaar die prys gewen vir die

beste kinderteaterproduksie by Uitkampteater. Dit

vertel die storie 'n jong man se reis deur die

oerwoud, waar hy 'n magiese lap ontdek. Sy

ontdekkingsstog maak vir hom 'n wonderwêreld

oop. Wanneer jy jouself toelaat om 'n nuwe ruimte

van potensiaal te ondersoek – dit is wanneer die

betowering gebeur.

Afrikaans • Gesin

R20 (toegang tot Kuierbuurt uitgesluit) | 20 min.

ATKV-Speelbos in die Kuierbuurt

Daaglik 11:00 tot 17:00

SPEEL-SPEEL, MY STORIE IS UIT

DEBUUT Kindervermaak

Met Jaco Spies, Schoemé Grobler en Isabelle Grobler

Regie: Schoemé Grobler **Teks:** PuppeTriX

Musiek: Jaco Spies **Vervaardiger:** PuppeTriX

Verskeie stories word sigbaar, hoorbaar en

tasbaar vir kinders wanneer storievertelling met

handpoppe en lewendige musiek gekombineer

word. Die gehoor kry 'n instrument en deur middel

van musikale en dramatiese fasilitering word die

gehoor 'n interaktiewe deel van die storie.

Afrikaans • Gesin

R20 (toegang tot Kuierbuurt uitgesluit) | 20 min.

ATKV-Speelbos in die Kuierbuurt

Daaglik 11:00 tot 17:00

LOLLOS & LETTIE: 10 JAAR!

DEBUUT Musiekteater

Met Benjiman Jacobs, Linecia Matthee-Daniels, Redione Stephens en Elizna Vermeulen **Regie, teks, choreografie en musiek:** Minki Burger

Verhoogbestuurder: Liezl Hendricks

Vervaardiger: Lollos Productions

Lollos en Lettie kom kuier vir die tiende jaar by die

KKNK en ons kyk terug na tien jaar se

hoogtepunte en herinneringe! Die gehoor kan

uitsien na al ons gunstelingstories en lekker

dansliedjies. Moet dit nie misloop nie.

Afrikaans • Gesin

R80 (R95 by die deur) | 45 min. | Absa

Burgersentrum

29 Maart 14:00; 30 Maart 14:00

GESPREEKKE

Moontlik gemaak deur die Het Jan Marais Nasionale Fonds

BOEKGESPREKKE

Daniel Hugo, bekende digter en vertaler en Eben

Penaar van NB Uitgewers, het 'n propvol

boekprogram saamgestel. Feesgangers kan

daaglik gesprekke met skrywers in verskeie

genres oor hul nuutste publikasies by die ATKV-

Boeke-oase bywoon. Kom luister na die kreatiewe

denkers en kom meer te wete van hul prosesse.

Jeugliteratuur in vertaling

Met Kobus Geldenhuys, prof. Maritha Snyman en

Daniel Hugo (gesprek-leier)

Waar het Harry Potter en Kuifie geleer om

Afrikaans te praat? Kobus Geldenhuys en prof.

Maritha Snyman vertel vir Daniel Hugo van die

plesiere en uitdagings wat die vertaal van

jeugboeke bied.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafé

29 Maart 10:30

Die lang man sonder skaduwee

Met Antoinette Penaar, Johannes Willemse en

Daniel Hugo (gesprek-leier)

Antoinette Pienaar werk reeds sewentien jaar saam met oom Johannes Willemse, legendariese Griekwa-medisyneer. Haar jongste boek bevat liriese beskrywings van die lewe in die Karoo en unieke inligting oor alternatiewe geneesing.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
29 Maart 14:00

Misdaadskrywers

Met Chris Marnewick, Rudie van Rensburg, Irna van Zyl en Johannes de Villiers (gesprek-leier) Daar is 'n opbloeï van misdaadverhale wêreldwyd asook in Suid-Afrika. Chris Marnewick ("Redelike twyfel"), Rudie van Rensburg ("Ys") en Irna van Zyl ("Gifbeker") gesels oor hierdie interessante verskynsel met Johannes de Villiers.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
30 Maart 10:30

Die De Zalze-moorde

Met Julian Jansen en Ivor Price (gesprek-leier) Kan dwelms, jaloesie en geld 'n normale twintigjarige daartoe dryf om byna sy hele gesin met 'n byl uit te wis? Ivor Price praat met Julian Jansen oor die opspraakwekkende bymoorde op die Van Breda's van Stellenbosch.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
30 Maart 12:00

Kalmte in die malle gejaag

Met Johannes de Villiers en Daniel Hugo (gesprek-leier) Wat beteken dit om bewustelik of "mindful" te leef? Johannes de Villiers het die antwoord gevind en praat met Daniel Hugo daarvoor.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
30 Maart 14:00

Boerekos met 'n twist - Kosdemonstrasie deur

Annelien Pienaar

Met Annelien Pienaar

In "Boerekos met 'n twist" herontmoet jy jou ma, ouma en oumagrootjie se voedsame, vertroostende huiskos, maar met 'n kwyllekker kinkel. Elkeen van dié 140 familieresepte vir enigets van soppe, souse, groente-, vleis- en nageregte tot gebak en spenstreffers is deeglik getoets en sit die "resep-met-'n-les"-konsep voort wat Annelien Pienaar se gelyknamige blog en Facebookblad so 'n ongekende sosiale mediasukses maak.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
30 Maart 15:30

El Negro en ek

Met Frank Westerman en Daniel Hugo (gesprek-leier)

In Spanje het daar 'n eeu lank 'n opgestopte man uit Suid-Afrika in 'n Spaanse museum gestaan. Hoe het hy daar beland en wat vertel dit ons van die 19de-eeuse wetenskaplike beskouings van mens en dier? Frank Westerman se uiters boeiende boek is deur Daniel Hugo in Afrikaans vetaal. Westerman kom spesiaal uit Nederland om met Hugo te gesels.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
31 Maart 10:30

Waarom mans altyd reg is (en ander onnoselhedes)

Met André le Roux

Wat is dit met vrouens en alewig inkopies doen? En hoekom wil mans nooit dokter toe gaan nie? SARIE en André le Roux lag saam oor die hemelsbreë verskille tussen mans en vroue.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
31 Maart 12:00

Dwarsklap: skakerings van swart in die nuwe Suid-Afrika

Met Piet Matipa en Daniel Hugo (gesprek-leier)

Piet Matipa is jonk, swart, gay en Afrikaans. In hierdie boek laat hy die donkerte van Suid-Afrika in

ligte skakerings flonker. Hy is in gesprek met Daniel Hugo.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
31 Maart 14:00

Rian – 16 Dinge wat ek nie moes sê nie

Met Rian van Heerden en Martelize Brink (gesprek-leier)

Martelize Brink gesels met die dikwels omstrede Rian van Heerden oor die dinge wat ander mense meen hy eerder nie moes gesê het nie ...

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
31 Maart 15:30

Joernaliste en die president

Met Adriaan Basson en Ivor Price (gesprek-leier) Kan joernaliste 'n korrupte regering op sy pad van verwoesting stuit? Adriaan Basson die boek "Enemy of the People" in gesprek met Ivor Price.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
1 April 10:30

Hykie Berg – My storie van hoop

Met Hykie Berg en Johan van Lill (gesprek-leier)

Op die kruin van sy suksesloopbaan verloor Hykie alles en draai by die dood om. Johan van Lill gesels met die bekende akteur en *Survivor*-wenner oor sy jare lange stryd met dwelms.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
1 April 12:00

Narsiste, psigopate, stalkers en sadiste

Met André le Roux en Daniel Hugo (gesprek-leier) Jy't vandag verby minstens een psigopaat geloop. En vanaand wag daar dalk 'n narsis of sadis vir jou by die huis. André le Roux in gesprek met Daniel Hugo oor sy deeglik nagevorsde en onderhoudende boek.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
1 April 14:00

Martelize kook! Jy's genooi –

Kosdemonstrasie deur Martelize Brink

Met Martelize Brink

Die versameling resepte strek van brode, happies, seekos en watertandhoofdisse met vleis, wild en hoender, tot by die maaltye wat sy graag na 'n lang werkdag in haar warm kombuis geniet.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
1 April 15:30

Waarom en hoe toonset ek 'n gedig?

Met Hendrik Hofmeyr, Laurinda Hofmeyr en Daniel Hugo (gesprek-leier)

Twee Hofmeyrs het naam gemaak as toonsetters van Afrikaanse verse. Hendrik Hofmeyr en Laurinda Hofmeyr in gesprek met Daniel Hugo.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
2 April 10:30

30-minute-resepte, wenke en wysshede – Kosdemonstrasie deur Herman Lensing

Hierdie boek bou op dié tema met die smullekker kos waarvoor Herman bekend is, en met verskeie dinge wat hy in sy 30 jaar geleer het. Daar is 30-minute-resepte, 30 dinge wat jy van wyn moet weet, en kombuiswenke wat jou lewe sal verander – en ook 30 goeie gewoontes, dinge wat sy ma hom nooit vertel het nie, maniere om gesond te bly en meer.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
2 April 12:00

Ingrid Jonker die onsterflike

Met Petrovna Metelerkamp en Daniel Hugo (gesprek-leier)

Daar is al baie bespiegel oor Ingrid Jonker se lewe en tragiese dood. 'n Hele paar raaisels word opgelos in die eerste omvattende biografie van hierdie ikoniese figuur in die Suid-Afrikaanse letterkunde. Biograaf Petrovna Metelerkamp in gesprek met Daniel Hugo.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
2 April 14:00

Ek & Jy – Verhoudings wat werk

Met Lisa Swart en Louis Awerbuck

In “Ek & Jy – Verhoudings wat werk kyk” die outeurs Lisa Swart en Louis Awerbuck nugter na verhoudings in hedendaagse tye: die ontstaan, verwagtinge, onderskeid tussen korttermyn- en langtermynverhoudings, voorwaardes vir suksesvolle verhoudings, konflikthantering en die rol van temperament. 'n Handleiding vir nuwe en bestaande verhoudings asook kollegas.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
2 April 15:30

Drama en gemeenskap

Met Pieter Fourie, Ameer Lekas en Marthinus Basson (gesprek-leier)

Bekroonde dramaturg Pieter Fourie en beginner Ameer Lekas in gesprek met Marthinus Basson oor die invloed wat teater op 'n verskeurde samelewing kan hê.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
3 April 10:30

Aantekeninge teen die skemeruur

Met Clinton V. du Plessis en Daniel Hugo (gesprek-leier)

Clinton V. du Plessis het hom nog altyd doelbewus buite die hoofstroom van die Afrikaanse letterkunde gehou. Dié alleenloper-digter waag dit nou vir die eerste keer om die kollig te betree. Hy gesels met Daniel Hugo oor sy nuwe digbundel.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
3 April 14:00

The President's Keepers

Met Jacques Pauw en Ivor Price

Ondersoekende joernalis Jacques Pauw ontbloom in hierdie topverkoper-boek die donkerste geheim

in die hart van pres. Jacob Zuma se regering. Hy gesels met Ivor Price oor diegene wat Zuma in mag én uit die tronk hou.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
3 April 15:30

Veteraan van die woord

Met Pieter Fourie en Daniel Hugo (gesprek-leier)

Pieter Fourie het die literêre wêreld verlede jaar verras met sy debuut as digter op 77-jarige ouderdom. Hy praat met Daniel Hugo oor sy tweede, ewe opwindende bundel *Bidsnoer* wat sopas verskyn het.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
4 April 10:30

Vaarwel en Koebaaï

Met Pieter Fourie, Jolyn Phillips, Clinton V. du Plessis en Daniel Hugo

Ons sluit die skrywersprogram op 'n hoë noot af met 'n ensemble digters. Voorlesings uit hulle nuwe werk deur Pieter Fourie, Jolyn Phillips, Clinton V. du Plessis en Daniel Hugo.

Afrikaans • Gesin

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
4 April 14:00

DIE BURGER PRAAT SAAM

Saamgestel deur: Ivor Price

Ivor Price, bekende TV-aanbieder en joernalis, lei 'n gespreksreeks oor brandpunte in Suid-Afrika.

Dié gesprekke sluit 'n wye spektrum van opwindende denkers, gemeenskaps- en politieke leiers in. Kom praat saam oor sosiale, politieke en hartskwessies.

Afrikaans en Engels

Gratis | 60 min. | Netwerk24 Feeskafee
29 Maart tot 4 April 09:00

TEATERGESPREKKE

Heike Gehring lei gesprekke met verskeie geselskappe oor hul produksies. Dit bied 'n geleentheid aan gehore om oor die produksies in

gesprek te tree en meer oor die prosesse en temas daaragter uit te vind. Gehring gesels onder andere met Tinarie van Wyk Loots en die geselskap van die nuutgeskrewe werk en debuutproduksie *Swerfgoed*; met teaterveterane Tobie Cronjé, Antoinette Kellermann en Marthinus Basson oor die absurde klassieke tragi-klug *Die stoele* en met die jong skrywer Ameer Lekas en die geselskap van *Die dans van die watermeid*. Sy lei ook 'n gesprek oor jeugteater in Suid-Afrika met spesifieke fokus op die ATKV se jaarlikse tienertoneel.

Die dans van die watermeid

Gespreksleier: Heike Gehring

'n Gesprek oor nuwe tekste en Kunste Onbeperk se Teksmark, asook die belangrikheid van Afrikaanse streektales binne teater en om 'n stem aan alle Suid-Afrikaners te gee.

Afrikaans • Geen o/10 G

Gratis | 45 min. | Gimsaal
Ná afloop van die vertoning op 2 April 14:30
(gesprek vanaf ongeveer 15:45)

Die stoele

Gespreksleier: Heike Gehring

'n Gesprek met Tobie Cronjé, Antoinette Kellermann en Marthinus Basson oor dié klassieke werk in absurde teater.

Afrikaans • Geen o/10 OB

Gratis | 45 min. | SANW-ouditorium
Ná afloop van die vertoning op 30 Maart 15:00
(gesprek vanaf ongeveer 16:30)

Innie selle

Gespreksleier: Heike Gehring

Kom luister na 'n gesprek gefokus op jeugteater in Suid-Afrika en elders.

Afrikaans • Geen o/14 OB

Gratis | 45 min. | Griesselsaal
Ná afloop van die vertoning op 3 April 14:00
(gesprek vanaf ongeveer 15:00)

Swerfgoed

Gespreksleier: Heike Gehring

Dié gesprek, ná afloop van *Swerfgoed* se première, fokus op nuwe skryfwerk en Kunste Onbeperk se Teksmark, asook die invloed van Griekse mitologie en teater op moderne literatuur.

Afrikaans

Gratis | 45 min. | SANW-ouditorium
Ná afloop van die vertoning op 29 Maart 10:00
(gesprek vanaf ongeveer 11:45)

VISUELE KUNS: GESPREKKE EN RONDLEIDINGS

Lucia Boer, die KKNK se visuele kunskurator, tree daagliks om 11:00 in gesprek met die visuele kunstenaars wat by die fees uitstal. Elke gesprek fokus op 'n ander kunstenaar en die relevante temas van hul werk word bespreek. 'n Rondleiding sluit die gesprekke af, met 'n spesifieke fokus op die kunstenaar van die dag.

Afrikaans en Engels

Gratis | 60 min. | Prince Vincent-gebou
Daagliks 11:00

DIE BEITELTJIE

Aangebied deur RSG

Die vakmanskap van die dramaturg en letterkundige klink vanjaar weer op in die C.P. Nel-museum. Kom klink 'n glasie en luister na bekroonde radiodramas uit die SAUK se klankargief. Skop jou skoene uit, sit agteroor en drink die woorde in van ons letterkundige reuse en verlustig jou in die drama, komedie en tragedie van die radioteater.

Kopskoot deur Gerda Kriel**Radiodrama**

Met Anrich Herbst, Rolanda Marais, Mandi Baard, Rouel Beukes, Elzabé Zietsman, Jakkie Groenewald en Archie Nhlapo **Regie:** Renske Jacobs

'n Verbitterde en onstabiele polisiekaptein wat 20 jaar laas bevorder is, beland by 'n professionele sielkundige met 'n praktyk êrens in Johannesburg.

In die spreekkamer word daar dramatiese onthullings gemaak, en skielik neem die storie 'n heel ander wending ... Wenner: Jong Skrywer van die RSG/Sanlam-radiodramaskryfkompetisie van 2016.

Gratis | 70 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

29 Maart 12:00

BRAAM VIER

Die Rooi Vaas deur **Abraham H. de Vries**

Radiodrama

Met Roeline Daneel, Trude Gunther, Wessel Pretorius en Lida Botha **Regie:** Eben Cruywagen

Vir die radio verwerk deur: André Kotzé

'n Jong meisie se tante lê op sterwe. Tydens een van haar talle besoeke aan die sterwende vrou, word sy gevra om 'n rooi vaas uit 'n kas te haal. Dit is die mooiste vaas wat sy nog in haar lewe gesien het en sy ontwikkel 'n obsessie om die vaas ná haar tante se afsterwe te besit. Maar hoe moet sy te werk gaan om haar tante te oorreed om die vaas aan haar te bemaak, sonder om blamat daaroor te vra? Nadat sy egter die verhaal oor die oorsprong van die vaas gehoor het, beleef sy 'n ernstige gewetenswroeging. Enersyds is die vaas ál waaraan sy kan dink en kan sy letterlik nie wag vir haar tante se afsterwe nie, maar terselfdertyd voel sy diep skuldig oor haar obsessiewe gedrag. Uiteindelik het die noodlot bepaal wat met die vaas gebeur. Of was dit dalk nie?

'n Poliesman weet nooit deur **Abraham H. de Vries**

Radiodrama

Met Pieter Cillié, Wessel Pretorius, Johan Botha en Eben Cruywagen **Regie:** Eben Cruywagen **Vir die radio verwerk deur:** André Kotzé

'n Boer ontbied die polisie een Saterdag na sy plaas om van sy plaaswerkers te kom arresteer. Naas 'n klag van rusverstoring, lê hy ook klagte van brandstigting en moord. Die jong ondersoekbeampte wat aangewys word om na bewyse in die voormalige bywonershuisie te gaan soek, spandeer 'n hele nag daar en ondersoek die

inhoud van die huis nie minder nie as drie keer – sonder om enige bewyse van moord of brandstigting te vind. Hy moet sy bevinding aan die staatsaanklaer verduidelik, en maak 'n verrassende onthulling. Radiodrama: 2017

Gratis | 30 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

29 Maart 14:00

Agter toe deure deur **Perdita van Dijk du Bois**

Radiodrama

Met Elma Potgieter, Richard van der Westhuizen, Ilse Klink en Rina Nienaber **Regie:** Mari Snyman

Engela is raadop omdat haar man, Willem, al sy tyd agter 'n geslote deur deurbring. Sy is aanvanklik onwillig om hom daarvoor aan te vat, maar met aanmoediging en raad van 'n lewensafripter, en ook van haar geliefde tante, skraap sy uiteindelik die moed bymekaar. Wat sy uitvind, verander haar en haar man se verhouding vir altyd. Radiodrama: 2017

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

29 Maart 16:00

Die herbergier deur **Esta Steyn**

Met Cobus Visser, Gigi Strydom, Bertha le Roux-Wahl, Martin Jansen, Francois van Rensburg, Eswé Bruwer en Anrich Herbst **Regie:** Helena Hugo

Die herbergier van Betlehem, wat vir Maria en Josef skuilplek gegee het en saam met sy gesin die geboorte van Jesus meegemaak het, woon in Jerusalem by sy oudste seun toe Jesus 33 jaar later gekruisig word. Hulle word gekonfronteer met die onvermydelike van sy teregstelling, maar ook met konflik in der midde as hul jongste seun saam met die tempelwag optrek om Jesus gevange te neem. Beste Paasdrama: RSG/Cordis Trust Christelike radiodrama-skrifkompetisie 2016.

Gratis | 50 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

30 Maart 12:00

Die kind deur **Janine van der Linde**

Met Leandé Valentyn, Ivan Abrahams, Jill Levenberg, Marlo Minnaar, Charlton George, Johann Nel, Crystal Donna Roberts en Hein Poole **Regie:** Margot Luyt

'n Jong ma van die Kaapse Vlakte rou steeds oor haar seun wat op sy sewende verjaarsdag spoorloos verdwyn het. Sy bly glo dat hy sal terugkom en dat hy nie dood is, soos almal glo nie. Dit is 'n emosioneel-belaaiete storie, propvol humor en ligtheid. Die skrywer het 'n gawe om kleurvolle mense en dialoog te skep en 'n storie met patos te vertel. Die geweldige toename in kinderontvoerings en misdade wat kinders teiken, was die prikkel vir hierdie werk. Tweede plek: RSG/Sanlam Radiodrama-skrifkompetisie 2016.

Gratis | 85 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

30 Maart 14:00

Nagmaal vir twee deur **Die Gebruikerskomitee van die Moot-biblioteek, Pretoria**

Met Paul Lückhoff en Jerry Mofokeng wa

Makhetha Regie: Christelle Webb-Joubert

'n Bejaarde Afrikaanse plaasboer en sy swart jeugvriend, 'n oudplaaswerker, bevind hulle saam in dieselfde ouetehuis. Op die vooraand van die kerkbasaar besluit die boer om 'n paar lekkernye te gabs om langs die rivier te gaan braai. Met brood en wyn wag hulle vir die hout om kole te word, maar die gesprek neem 'n wye draai terug tot in die verlede, met verreikende gevolge vir albei. Dit is 'n sensitiewe drama wat met groot deurdagtheid en menslikheid geskryf is. Derde plek: RSG/Sanlam Radiodrama-skrifkompetisie 2016.

Gratis | 75 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

30 Maart 16:00

Regstreekse uitsending van Vers en klank

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

30 Maart 20:00

FERDINAND DEIST-KORTVERHALE

Die oorbesige prekkereer deur Ferdinand Deist

Voorgelees deur: Johnny Klein **Regie:** Kobus Burger

"Vir al wat ek weet, is daar darem 'n paar prekkeers innie hemel ook." Die klein donkerkop Viljee'tjie was 'n "oorlams-mannetjie" en die dorp se prokureur, maar in dié verhaal vang slim toe heel onverhoeds sy baas!

Die dood van die founmannetjie deur **Ferdinand Deist**

Voorgelees deur: Johnny Klein **Regie:** Kobus Burger

Ou Lettie Ingelbrê kon nou vir jou geskinner 't! Dis nou één swak wat die ou siel gehad 't wat sy net nie ontslae van kan geraak 't nie. Totdat die gemeenskap 'n plan beraam om haar in die bek te ruk ...

Die suster m't die snor deur **Ferdinand Deist**

Voorgelees deur: Johnny Klein **Regie:** Kobus Burger

Ou suster Anna was 'n onkantige ent mens gewees en dan't sy pebliek 'n snôr onner haar neus gehad – 'n pikswarte. Die ou Skot, Mister Miknemara, is bedlêend en sorg eendag dat ou suster Anna sowaar 'n glimlag onner daai snôr kry.

Hermaans Askies se operasie deur **Ferdinand Deist**

Voorgelees deur: Johnny Klein **Regie:** Kobus Burger

Hermaans Askies word deur die blondokop vrouedoktertjie versoek om hom tot op sy "menslikheid" uit te trek. En toe word hy skielik gevra om die laken te laat sak ... Wat nou?

Gratis | 35 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

31 Maart 12:00

Frank en Gladys deur **Tom Stoppard**

Met Lourens Cillié, Leona Rich, Dawie Ackerman, Trudie du Plessis, Louw Verwey, Kitty Albertyn, Amanda Muller, Paul Malherbe, Limpie Basson, Christine Liebenberg, Johan Rademan en Roy

Niemann **Vertaling:** Roy Niemann **Regie:** Margot Luyt

Frank skakel die telefoondiens wat die regte tyd aandui, maar herken dadelik die vroustem aan die anderkant van die lyn. Dis sy oorlede vrou, Gladys! Hy besluit om die gebou binne te vaar en te eis dat die Owerhede sy vrou vrylaat. Die op-die-oor-af lighartige storie is eintlik satiriese kommentaar op die mens se gebondenheid aan tyd (en die horlosie). *If You're Glad I'll Be Frank* is vir die eerste keer in 1966 op die BBC-radiodiens uitgesaai. Radiodrama: 1984

Gratis | 30 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

31 Maart 14:00

Die man met die blom in sy mond deur **Luigi Pirandello**

Met Chris van Niekerk en Anrich Herbst **Vertaling:** F.P. van der Merwe **Regie:** Christelle Webb-Joubert

Die Italiaanse dramaturg Luigi Pirandello het in 1934 die Nobelprys vir letterkunde ontvang vir sy “byna magiese kragte om sielkundige analise in goeie teater te omskep”. Chris van Niekerk het met die teks kennis gemaak as student en hy lewer ’n kragtoer in dié stuk. Pirandello sou vanjaar 150 jaar oud wees en hierdie kort drama gaan oud en jonk diep roer. Volgens die regisseur Christelle Webb-Joubert was die grootste uitdaging om die lang stukke dialoog lewendig te hou en die luisteraar se aandag te behou. Pirandello se woordryke teks en Van Niekerk se sielvolle vertolking het egter haar werk baie maklik gemaak. Radiodrama: 2017

Gratis | 25 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

31 Maart 15:00

Dop deur **Retief Scholtz**

Met André Odendaal en Wilhelm van der Walt **Regie:** Johan Rademan

’n Radioverwerking van die veelbekroonde verhoogdrama oor Frank Venter, wat alleen in ’n kroeg sit om sy verjaardag te vier. Tim, die

kroegman, is nuuskierig, maar ook ’n klankbord vir Frank wat sukkel om sy hart uit te praat.

Radiodrama: 2017

Gratis | 90 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

31 Maart 16:00

BRAAM VIER

Jy moet jou by kry deur **Abraham H. de Vries**

Met Johan Botha, Lida Botha, Royston Stoffels, Pieter Cillié, Jarrid Geduld, Keenan Herman en André Samuels **Vir die radio verwerk deur:** André Kotzé **Regie:** Eben Cruywagen

Geïnspireer deur die Baron von Münchhausen-sprokie *Die bont by raak weg* (Uit: *Die mooiste Afrikaanse sprokies*, vertaal deur Pieter W. Grobbelaar) handel dié verhaal oor ’n boer wat na ’n verlore by gaan soek. Die gegewe is op die eerste vlak ietwat absurd en klugtig, want hoe sal ’n mens in die eerste plek besef dat één by uit ’n hele korf nie meer op jou plaas is nie? Gou raak dit egter duidelik dat die bruin by ’n metafoer is vir iets veel meer as net ’n verlore insek: Dit is ’n soektog na die “syferplekke” van Afrikaans, in die woorde van professor Tony Links. Die boer kom uiteindelik tot die besef dat die by en die rykdom van sy heuning uit die staanspoor nooit verlore wás nie.

Die voorgevoel deur **Abraham H. de Vries**

Met Johan Botha, Lida Botha, Pieter Cillié, Roeline Daneel en Wessel Pretorius **Vir die radio verwerk deur:** André Kotzé **Regie:** Eben Cruywagen

Twee broers het weens ’n familietwis vir 23 jaar nie kontak met mekaar gehad nie. Die oudste broer het ernstig siek geword en op sy sterfbed vra die gesinsdokter hom of hy die jonger broer moet ontbied om te kom afskeid neem, maar die koerante het ’n berig geplaas waarin gemeld is dat die jonger broer ’n belangrike prys in Swede sou ontvang. Gevolglik wou die ouer broer nie inbreek maak op sy kleinboet se prestasie nie. Die jonger broer daag egter skielik op omdat hy skynbaar iewers van sy ouboet se siekte gehoor het. Of het hy dalk op ’n gans ander voorgevoel gereageer? Radiodrama: 2017

Gratis | 40 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

1 April 12:00

Plaston: DNS-kind deur **P.G. du Plessis**

Met Marcel van Heerden, Richard van der Westhuizen, Rina Nienaber, Lochner de Kock, Hennie Oosthuizen, Gert van Tonder, Kosie Eloff, Johannes Slabbert, Riana Wilkens, Emgee Pretorius en Johan van der Merwe

Regie: Robert Young

Plaston (Grieks vir “hy wat gemaak is”) is ’n 19-jarige, beeldskone jong man wat kunsmatig deur wetenskaplikes geskep is. Hy kom op die afgeleë dorpie Aardendal aan waar hy in die gemeenskap geïntegreer word en terselfdertyd fyn dopgehou word. Hier ontmoet hy vir die eerste keer ander mense, soos die dorpsidoot, die mooi jong meisie Kotie en die predikant Genopen. Plaston is ’n wese in wie daar geen kwaad is nie, maar wat juis ’n diep begeerte het om mens te word, pyn en liefde te ervaar en probeer om bo sy programmatiese self uit te styg. ’n Professor en sy personeel hou elke beweging wat hy maak fyn dop en luister na elke woord wat hy sê. Hulle raak onthuts wanneer Plaston afwyk van sy programmatiese beheer en sy nuutgevonde vryheid besef en begin geniet. Radiodrama: 1993 /Wenner: Artes vir beste regisseur

Gratis | 80 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

1 April 14:00

Ons dorp deur **Thornton Wilder**

Met Johan van Jaarsveld (as die toneelmeester), Limpie Basson, Isabella Bosman, Dawie Maritz, Christine Liebenberg, Stanley Nel, Pieter Cillié, Johan Botha, Marko van der Colff, Jurie Hanekom, Albert Maritz, Phillip du Plessis en Dorothea van Schalkwyk **Regie:** Suzanne van Wijk

Die Amerikaanse dramaturg Thornton Wilder se *Our Town* is vanjaar 81 jaar oud en is in 1938 met die Pulitzer-prys vir drama bekroon. Dié immergroen verhaal handel oor die mense van Grover’s Corners in New Hampshire. Die

luisteraars volg die Gibbs- en die Webb-gesin oor ’n tydperk van twaalf jaar; deur hul alledaagse lewe, liefde en trou tot en met die dood en ewigheid. Deur die geliefdes Emily en George, hul sterk en liefdevolle ouers, asook die vele ander plaaslike mense lewer Wilder universele waarhede oor wat dit is om mens te wees. Propvol humor en spitsvondigheid is *Ons dorp* steeds een van die mees opgevoerde, tydlose en klassieke verhoogdramas. Radiodrama: 1977

Gratis | 85 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

1 April 16:00

Regstreekse uitsending van *Vers en klank*

Gratis | 85 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

1 April 20:00

Ry-ry rymlangs

Met June van Merch en Hilandi du Toit **Regie:** Johan Rademan

’n Program met werk van gevestigde en bekende digters tot meer gewaagde en eiesoortige werk van Hilandi du Toit en June van Merch. Suid-Afrikaans-geïnspireerde temas, soos die liefde in alle vorme, neem gestalte aan met vier verskillende kitare wat bespeel word deur Du Toit waarin haar eie lyflike liedtekste na vore kom. Van Merch dra verskeie gedigte voor en waag ook haar eie hand aan die digkuns saam met die regisseur Johan Rademan wat saam met Hilandi en June die program saamgestel het. Ras, geslag en ander kwessies word aangeroei in werke soos “Hotnotsgot”, “Bruinman” en “Spesiale Algemene Sinode-sitting van die NG Kerk 2016” oor gay-liefde en dan word die onbevange oomblikke gedeel met Ingrid Jonker se “Begin somer” wat oorloop in “Die somer het ’n geel rok aan” (Du Toit) en “Bewissie” (Van Merch), waarin sy haar liefde vir haar bromponie besing.

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

2 April 12:00

Akwarius deur **Marion Erskine**

Met Anrich Herbst, Anton Dekker, Magda van Bijlon, Mari Molefe van Heerden, Duncan Johnson en Su-an Müller-Marais **Regie:** Bettie Kemp 'n Wrede reeksmoordenaar wat sy vroulike slagoffers nadoods in meerminne omskep, teister Johannesburg en omstreke. Die net om die gevreesde misdadiger trek al nouer, totdat een van die lede van die ondersoekspan 'n skokkende onthulling maak wanneer dit reeds te laat is ...
Finalis: RSG/Sanlam Radiodrama-skryfkompetisie 2016

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
2 April 14:00

My skuilplek die Kaapse strate deur **Illona Edwards**

Met Cantona James, Charlton George, Simoné Benjamin, Chris Majiedt, Leandé Valentyn, Daneel van der Walt en Jarrid Geduld **Regie:** Ronël Geldenhuys
'n Jong seun, wie se ouers in die tronk is, besluit om die pad te vat omdat hy reken dis beter om op straat te woon as om heeldyd deur sy ouer broer afgeknou te word. Hy word deur bendeledede geteiken en beleef 'n paar dinge waarop hy nie gereken het nie. Hy word deur 'n inisiasie geneem, wat hom laat terugverlang na sy veilige huis by sy ouma. Waarskuwing: Die taalgebruik en tema mag sensitiewe luisteraars aanstoot gee. Finalis: RSG/Sanlam Radiodrama-skryfkompetisie 2016

Gratis | 55 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
2 April 16:00

Gesigseinders deur **Wim Vorster**

Met Carel Trichardt, Juanita Swanepoel, Petru Wessels, Amor Tredoux, Erik Holm en Ronel Geldenhuys **Regie:** Margot Luyt
Dit wat 'n blinde gemeenskap ervaar en waarmee hulle worstel, is dikwels soos dié van die sogenaamde normale gemeenskap, maar daar is kwessies en vrae wat hulle kwel en diep ontstig waaraan die siendes selde dink. Kwessies soos

hoe droom iemand wat blind gebore is? Hoe voel die verskillende kleure? Wie blameer jy vir jou blindheid? Die drama is 'n enkele toneel waarin vyf blindes gesels oor hul ervarings, vrese, verwyte en drome. Elke karakter ontbloom sy of haar eie donkerste hoek. Radiodrama: 2017

Gratis | 55 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
3 April 12:00

Die woordemaker deur **Ina Strydom**

W.A. de Klerk sou verlede jaar 100 jaar oud geword het. *Die woordemaker* is 'n herontdekking van die werk van 'n meestersvakman en 'n woordsmid by uitstek. De Klerk was 'n radioman, 'n advokaat en 'n skrywer. Toe die skryfgogga hom beetpak, het hy besef advokaatwees en skrywerskap is wedersydse uitsluitend en hy het hom op sy plaas Saffier naby die Paarl gaan vestig, waar hy 'n vrugtekweker was. De Klerk was 'n veelsydige skrywer en het jeugverhale, reisverhale, essays, romans en dramas geskryf. Sy nalatenskap sluit in die romans *Die uur van verlange* en *Die wolkemaker*; jeugverhale soos *Willemien se ligte dae* en dramas soos *Die jaar van die vuuros*, waarvoor hy ook met die Hertzogprys bekroon is. De Klerk het 'n hartgrondige belangstelling in en liefde vir die natuur en die mens gehad. Hy het geglo dat 'n mens met "skroei-eerlikheid" na die wêreld om jou moet kyk sodat jy die patrone kan herontdek. Dié hoorbeeld is 'n viering van dié veelkantige vakman se werk. Hoorbeeld: 2017

Gratis | 25 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
3 April 14:00

Huilboek deur **Ryk Hattingh**

Voorgelees deur: Richard van der Westhuizen en Denver Vraagom **Regie:** Kobus Burger
Dié wenboek van 2017 se kykNET-Rapportprys vir fiksie is 'n verhaal wat oor baie dinge gaan. Een daarvan is taal en verlange, en hoe Afrikaans self 'n uitdrukking word van 'n verlange wat in sy wese onvervulbaar is. Dit is ook 'n liefdesbrief van ver af,

sonder adres. Die onheilbare pyn van 'n vader wat nie van sy seun gehou het nie, is miskien die gravitasiekolk, die *black hole* in die boek waarheen alles neig, maar van waar geen lig kan kom nie. 'n Nuwe werk deur wyle Ryk Hattingh, wat sy eerste was in 19 jaar. Helder en poëties en tegelyk lirieks en wys, en meedoënloos eerlik.

Gratis | 40 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
3 April 15:00

Pointe-Noire (Ek en die majoor) deur **Jan Lampen**

Met Erik Holm, Albert Maritz, André Terblanche, Ronel Geldenhuys, Frieda van den Heever, Cintaine Schutte, Chris Madjiet en Zenobia Kloppers **Regie:** Johan Rademan
Suid-Afrikaanse huursoldate word in die Kongo gevange geneem ná 'n mislukte operasie. Hulle word onder haglike omstandighede in 'n gevangenis in Pointe-Noire, in die suide van die land, aangehou. Uiteindelik, ná twee jaar, slaag die laaste twee oorlewende soldate om te ontsnap. Net een oorleef om hul storie te vertel ... Wenner: RSG/Sanlam Radiodrama-skryfkompetisie 2016

Gratis | 70 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
3 April 16:00

Die Judasbok deur **Dalene Matthee**

Met June van Merch, Dean Balie, Susanne Beyers en Daneel van der Walt **Vir die radio verwerk deur:** Anton Treurnich **Regie:** Eben Cruywagen
'n Jong bruin man raak in die jare tagtig verlief op 'n wit onderwyseres. Weens apartheidswetgewing is hul verhouding nie net gedoem nie, dit is onwettig en strafbaar. Die paartjie beplan om hulle in Londen te gaan vestig, maar eers wil die jong man sy ma, 'n kombuishulp op 'n plaas in die Klein-Karoo, gaan groet. Sy besoek het verreikende en onvoorsiene gevolge vir al die betrokkenes ... Waarskuwing: Die taalgebruik en tema mag sensitiewe luisteraars aanstoot gee. Radiodrama: 2017

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
4 April 12:00

Padkaarte

Met Tomley van Vuuren, Wian Taljaard, Cantona James, Mia van der Merwe, René Cloete, Jana van der Merwe en Jeani Heyns **Regie:** Ronël Geldenhuys

Padkaarte is 'n samestelling van drama, poësie en prosa, spesiaal vir die radio opgevoer deur sewe van die agt finaliste van die Nasionale Toneelspelkompetisie van 2016. Dit is 'n nuwe konsep om jong talent aan RSG se luisteraars bekend te stel. Hulle reis onder andere deur Adam Small se *Krismis van Map Jacobs*, Odette Schoeman se roman *Swartskaap*, Elisabeth Eybers se *Portret*, Jeanne Goosen se *Paw-paw vir my darling* en Tilla Diedericks se *Jong Dames Dinamiek*. Die Nasionale Toneelspelkompetisie vir hoërskoolleerlinge word jaarliks deur die Hoërskool Bellville aangebied, onder leiding van Herman van der Westhuizen. Radiodrama: 2017

Gratis | 35 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
4 April 14:00

KLEIN KAROO-ERVARINGS

Ondersteun deur *Die Herrie*

BOSSAFARI-WYN-EN-TAPPASTOER

Aangebied deur: Buffelsdrift Game Lodge
'n Wyn-en-tapas-avontuur na drie verskillende uitkykpunte waar gepaste wyn van die omgewing saam met heerlike tapas bedien word. Gaste kan ver wag om van die 22 spesies diere op die landgoed te sien.

Afrikaans en Engels • Geen wyn word aan o/18's bedien nie
R310 | 180 min. | Buffelsdrift Game Lodge
29 Maart 15:00; 30 Maart 15:00; 31 Maart 15:00; 1 April 15:00; 2 April 15:00; 3 April 15:00; 4 April 15:00

CANGO CAVES ZIPLINE

Aangebied deur: Cango Caves Estate
Die Cango Caves Estate is die perfekte plek vir adrenaliënverliefdes. Die zipline bestaan uit twee dele en is in totaal 680 m lank. Begin by die Kango-grotte en eindig by die pragtige Cango Caves Estate.

Afrikaans en Engels • Geen o/4

R295 | 60 min. | Cango Caves Estate

Daaglik vanaf 29 Maart tot 4 April 08:30; 09:30; 10:30; 11:30; 12:30; 13:30; 14:30; 15:30; 16:30

HISTORIESE WANDELTOER

Toerleiers: Peter Gray en Hazel Gibson-Jonker
Aangebied deur Vriende van die C.P. Nel-museum

'n Gemaklike staptoer waar daar besoek afgeleë word by belangrike argitektoniese geboue in Oudtshoorn, wat die basis vorm vir 'n bespreking oor die geskiedenis van Oudtshoorn.

Afrikaans en Engels • Gesin

R75 | 150 min. | Vanaf St. Jude's Anglikaanse kerk

29 Maart 08:30; 3 April 08:30; 4 April 08:30

KKNK 2018 – ROLBALTOERNOOI

Aangebied deur: Oudtshoorn Rolbalklub
Kom neem deel aan die pare-toernooi by die bane in St. Johnstraat. Kies uit twee wedstryde, wat elkeen uit 18 koppe bestaan. Spanne bestaan uit twee mans, vroue of 'n gemengde paar. Inskrywings kan vanaf 08:00 op die dag van die toernooi of vooraf per e-pos gedoen word. Daar is verskeie gelukkige trekkings. Rig navrae aan Gertjie Bekker by 072 2467 792, Danie Bosman by 082 852 3807, stuur 'n e-pos na oudtshoornbowls@gmail.com of besoek ons Facebook-blad: Oudtshoorn Rolbalklub. Rugby word ook op die grootskerm gewys.

Oudtshoorn Rolbalklub, St. Johnstraat | R50 per persoon

31 Maart 09:00 en 14:00

INFANTRY SCHOOL FIRE POWER DEMONSTRATION

Join us for a firing of military weapons display. Ensure that you bring your own ear protection. Food stalls are available. For more information contact 079 694 1322.

English • PG

**Free | 60 min | Infantry School Training Area
3 April 11:00**

OLIFANT-ONTBYT

Aangebied deur: Buffelsdrift Game Lodge
Kom geniet 'n wonderlike ervaring en vars Karoo-ontbyt saam met die grootvoete Malaika, Bulelo en Jabari. Word meegevoer deur die aangrypende verhaal van drie wees-Afrika-olifante wat 'n gelukkige tuiste by Buffelsdrift Game Lodge gevind het. Persoonlike interaksie met die olifante en hope fotogeleenthede is deel van die ervaring.

Afrikaans • Gesin

**R310 | 60 min. | Buffelsdrift Game Lodge
29 Maart 10:00; 30 Maart 10:00; 31 Maart 10:00;
1 April 10:00; 2 April 10:00; 3 April 10:00; 4 April 10:00**

OSTRICH CRAWL MTB & TRAIL RUN

Organiseerder: Jakhals Events

Bring jou bergfiets en neem deel aan die Ostrich Crawl MTB, wat deel is van die Eden XCM-reeks. Of trek jou drafskoene aan en neem deel aan die veldraf. Ry en draf deur die pragtige Oudtshoorn-omgewing. Almal wat die roete voltooi, ontvang 'n unieke medalje en daar is hope gelukkige trekkings. Inskrywings: aanlyn by www.cycleevents.co.za vanaf 1 Januarie 2018.

Meer inligting: Corné (074 260 2871) of Stephanie (084 089 4223) of by jakhals.events@gmail.com.
MTB: 15 km, 33 km of 55 km | Veldraf: 10 km

**Wegspring: Laerskool Wesbank-klubhuis om 08:00
31 Maart**

SKOONLIEF EN DIE ONDIER: 'N WHISKYSPROKIE SLEGS VIR GROOTMENSE

Met Chris Koch **Produksiehuis:** St. Christopher's Studio **Vervaardiger:** Chris Koch

Dié solovertoning neem die vorm van 'n sprokie vir volwassenes aan. *Skoonlief en die ondieer* beeld die karakters van vyf verskillende whiskies uit. Die vertoning is daarop gemik om vermaaklik en leersaam te wees, en gehoordeelname word aangemoedig. Dit is lighartig storievertelling met die bonus dat vyf whiskies uit die Glenmorangie- en Ardbeg-stal geproe kan word. Daar word heerlik met die taal gespeel – lekker tong-in-die-kies-vermaak.

Afrikaans • Geen o/18 Drank word bedien

**R160 | 75 min. | CJ Langenhoven Bibsaal
29 Maart 14:00; 30 Maart 14:00; 30 Maart 18:00;
31 Maart 14:00; 31 Maart 18:00; 1 April 18:00; 2 April 14:00; 2 April 18:00; 3 April 14:00; 4 April 14:00**

SWARTBERG ECO- EN ERFENIS-ERVARING

Toergidse: Roeland Gebiël en Alistair Reizenberg

Aangebied deur: Wilgewandel Vakansieplaas
Begin jou feesdag met 'n unieke Swartberg-ervaring. 'n Geregistreerde gids neem gaste op 'n natuurhistoriese en geologiese ontdekkingsreis van die Klein Karoo se mees unieke natuurskoon en die Unesco-wêrelderfenisgebied, die Swartbergpas. Dit begin met 'n heerlike Klein Karoo-ontbyt by die Wilgewandel Vakansieplaas. Indien daar kinders is wat nie die toer wil meemaak nie, kan 'n kinderoppasser by Wilgewandel gereël word (teen 'n bykomende koste van R50). Wilgewandel beskik oor pretaktiwiteite vir oud en jonk, insluitend kameelritte en wateryglykabels.

Afrikaans en Engels • Gesin

**R390 | 210 min. | Wilgewandel Vakansieplaas
29 Maart 09:00; 30 Maart 09:00; 31 Maart 09:00;
1 April 09:00; 2 April 09:00; 3 April 09:00; 4 April 09:00**